MENEER, ONS WIL JESUS GRAAG SIEN

Dankie, Broer Borders.

2 Julle kan maar sit. Ek beskou hierdie as 'n groot voorreg om hier te wees, in die diens vanaand, onder by Port Alberni, onder vriende wat reisigers en vreemdelinge vir die wêreld is, wat nou vertoef, in afwagting van die Koms van die Here, om na 'n beter Stad geneem te word, 'n beter Land waar daar geen dood, geen hartseer meer is nie. En ons wag vir daardie tyd van die Koms van die Here.

3 Nie lank gelede nie, het ek die voorreg gehad om saam met julle pastoor, Broer Byskal, te wees. En ons het 'n bietjie . . . 'n reisie saam gehad daarna, 'n jagtoggie bo in noordelike Brits-Colombië, en hy het vir my vertel hy het sendingwerk gedoen onder die Indiaanse mense, hier anderkant, op die—op die Eiland. En, o, ek wou nog altyd iemand help wat die Indiaanse mense probeer help. Ek het 'n paar ondervindings gehad, onder in die State, om met die Indiane te praat, die Navajo, die Apaches, en baie van hulle daaronder, en so 'n wonderlike geloof gevind. En Broer Eddie, nie ondersteun deur enigiemand nie, en ek het gesê: "Miskien sal ek een of ander tyd die geleentheid hê om jou te kom help, Broer Eddie."

Hy het gesê: "Ek sal bly wees daaroor, Broer Branham."

4 So ons is hier vanaand op sy uitnodiging. En my seun, hy het 'n paar oomblikke gelede hiernatoe gekom, en hy gee gebedskaartjies uit om vir die siekes te bid. Gewoonlik doen ons dit nie gedurende die eerste aande, wanneer dit 'n groot diens gaan wees, tot ons almal rustig gekry het dat hulle verstaan nie. Maar vanaand, siende dat ons net drie aande het, het ek gesê: "Jy beter 'n paar gebedskaartjies uitdeel, en—en ons sal die eerste aand vir die siekes bid, sodat ons sommer dadelik kan begin." Ek . . .

5 En hy het gekom, en hy het my ontmoet, en hy het gesê: "Pappa, daar's net een slegte ding omtrent die diens." Gesê: "Om net vir drie aande te bly, dit behoort drie weke te wees." Hy het gesê: "Hierdie is sulke dierbare mense."

6 Nou, ons oordeel nooit mense aan hoeveel hulle besit, of watter groter huise hulle in woon, hoe hulle aantrek nie, ons oordeel hulle aan wat in hulle hart is. Dis waar God woon, in die hart. En wanneer jy eenvoud, nederigheid, minsaamheid vind, en . . . dis—dis waarvan ons hou. Ons is net lief daarvoor. Ek is

wedergebore in ’n klein groepie mense soos hierdie, eenmaal, en ek—ek het nog altyd gedink hulle is—hulle is die nederigste, gaafste mense, en hulle is diegene waarmee ek saamgelewe het op aarde, en ek glo ek sal saam met hulle lewe in Heerlikheid deur die eindelose eeue wat sal kom.

7 En ek onthou my eerste ondervinding om te preek vir die Indiane, en ek veronderstel hierdie is Indiaanse mense wat hierbuite aan die voorkant sit, ek dink net so. En ek is baie bly om by julle te wees. Goeiste, ’n ware Amerikaners, dis korrek, die ware Amerikaner, diegene vir wie God Amerika gegee het, die Indiane. So ek’s so dankbaar. Hulle is . . .

8 Diep onderin my are vloei daar net ’n bietjie van die bloed. My ma se ouma het uit die reservaat gekom. En ek het dit nog altyd as een van die grootste voorregte beskou, om te sê dat onder in my ’n deel is, wat ware Amerikaner is. Want daar’s ’n bietjie agtergrond, iewers, van Indiaanse bloed waaroor ek baie bly is, baie dankbaar. En ek wou nog altyd vir hulle preek, want my moeder was ’n regte dame. Sy het pas huis toe gegaan na die Hiernamaals, ’n bejaarde, ou vrou, met ’n ware ondervinding om veilig te wees in die arms van Christus. Ek het haar hande vasgehou terwyl God gekom en haar geneem het, net onlangs. En ek weet wat sy was, en watter skat sy vir my was, en ’n moeder, en ek—ek het haar lief. Ek is so bly vanaand om die mense te bedien.

9 Ek was in Arizona ’n paar . . . een . . . eerste begin van my bediening, en daar was . . . Een aand, deur die gebedsry gekom, was . . . Ek het gepreek vir die Spaanssprekende mense, en daar was twee Indiane, die eerste twee vir wie ek ooit gepreek het. En een van hulle was ’n alkoholis, en die ander een was ’n tuberkulose geval, was op ’n draagbaar.

10 En toe ek hulle in die ry sien inkom, het ek ’n paar oomblikke gestop, en ek het gesê: “Net ’n oomblik.” En ek het gesê: “Hemelse Vader, hierdie is my eerste keer, nou, om te bid vir—vir, wat ek noem, volbloed Amerikaners.” Ek het gesê: “As—as U ooit wil hê ek moet vir hulle preek en na hulle stam toe gaan, as U hulle sal genees, belowe ek U, ek sal gaan.” En ek het vir hulle gebid, en voor ek by die volgende diens gekom het in Kalifornië, het die alkoholis alle smaak verloor vir alkohol, en ’n wedergebore Christen geword, en die tuberkulose was, binne die bestek van ’n week, deur die—die dokter verklaar, buite in die reservaat, dat sy sterk en gesond was. So ek het teruggegaan na die—na die Apache stam toe. Ek sal dit nooit vergeet nie.

11 Ek hoop nie ek vat nou te lank nie. Ek is altyd gewoond om te lank te praat. Almal sê my altyd ek praat te lank; dis vir witmense, nie vir Indiane nie. Ja, meneer. Ons . . . Ek het nou die dag ’n kort preek gepreek onder by my tabernakel by die huis, net ses uur, dis al wat ek gepreek het. So . . . Maar ons—ons

Indiane is nooit haastig nie, julle weet. So ons—ons het baie tyd om te luister.

12 En so toe . . . So, hierdie . . . daardie aand het hulle my bo na die reservaat toe geneem. En o goeiste, ek het nog nooit soveel gesien nie! Hulle . . . Dit was 'n pragtige gesig. Hulle het gekom in hulle waens, en oral, was oraloor die reservaat aangekondig, en hulle het op die grond gaan sit. Ek het op 'n klein stoeptrappie gestaan, 'n kerkie, omtrent soos hierdie. Daar was baie Indiane aan die binnekant, en . . . Maar o, goeiste, die . . . almal, die helfte van die stam, of meer, het daarbuite gesit. O, ek maak dit, vier of vyfduisend, so-iets, het aan die buitekant vergader.

13 En so, het ek van die kerktrappe af gepreek, 'n klein Gemeente van God kerkie. En die sendeling was vir 'n geruime tyd al die pastoor daar gewees. En so, ek het een tolk gehad, hulle kon nie Engels verstaan nie. En so, ek het een tolk gehad, wat 'n dame was.

14 Wel, ek het probeer op die eenvoudige manier wat ek kon om die Bybel vir hulle te verklaar, en—en ek onthou hulle het net gesit en kyk, julle weet. Ek sê dit met liefde, 'n Indiaan, wat eers oortuig is, hy beweeg nooit. Maar hy's soos om 'n perd te voer, hy vreet nie in die verkeerde stal nie. Julle sien? Hy wag tot hy seker is waarvan hy praat, so hulle het gewag. En so hy het gewag om te sien wat ek sou sê.

15 En ek het aangehou om hulle te vertel, ek het gesê: "Nou, ek's net een stem, een persoon hier, in die land." Ek het gesê: "Ek glo wel dat daar een of ander ooreenkoms was wat nie met die Indiaan aangegaan moes gewees het nie." Ek het gesê: "Ek—ek—ek glo dat, dat as een of ander volk ingekom het en . . . ons sleg sou gevoel het." Maar het ek gesê: "Ek's . . . Dis—dis wat die mens doen." Ek het gesê: "Ek gaan vir julle sê, daar is Iemand Wat julle liefhet, dit is Jesus Christus, en Hy sal reg daar saam met julle wees tot aan die einde van die pad."

16 Hulle het gesit . . . Nou, hulle was soort van vreemd. Ek het gevra vir 'n gebedsry. Wel, in daardie dae toe ons die eerste keer begin het, wel, het ons nie gebedskaartjie uitgegee nie, dis die enigste manier om orde te handhaaf, en so, ek het nie gebdskaartjies gehad nie, en ek het gesê: "Wil enigiemand, daarbuite, hê daar moet vir julle gebid word?" Die tolk het dieselfde ding gesê, niemand het beweeg nie. Wel, het ek gedink: "Goeiste, ek reken ek sal nie 'n gebedsry hê nie."

17 So binne 'n paar oomblikke, het die Indiaanse sendeling teruggegaan, saam met die wit sendeling, en 'n paar mense aan die binnekant opgetel. Die eerste een wat uitgekom het, was 'n yslike groot, sterk vrou. Sodra sy . . . Ek het haar in die gesig gekyk. Baie van julle, ek reken Broer Eddie het julle van die bediening vertel. Sy het 'n sosiale siekte gehad, nie omdat sy onsedelik was nie, maar as gevolg van die manier wat sy

moes lewe. En toe ek dit vir haar gesê het, het sy baie vreemd na my gekyk. Hoe het ek dit geweet? na ek dit in die Skrif verduidelik het.

18 Die volgende was 'n klein skeel seuntjie. Ek—ek sal dit nooit vergeet nie. En die ma . . . Ek het gesê: "Glo jy vir die seun?" En die—die dame het gedink ek vra wat verkeerd is met die seun, so sy het hom net aan die hare gevat en hom agteroor getrek, sy ogies was skeel. So ek het die outjie opgetel, en hom 'n stukkie kougom gegee, sien, hy kon nie Engels verstaan nie, sommer iets om hom stil te kry, sien watter kant toe die Heilige Gees beweeg het. En ek het hom stil gekry en hom op my skouer neergelê.

19 En ek het gesê: "Hemelse Vader, as ek genade in U oë kan vind, laat dit nou wees." Sien? Ek het gesê: "Ek bid dat U die seuntjie se oë sal reguit maak, sodat die mense sal sien daar . . . Hulle verstaan nie hierdie nie, en hulle moet verstaan dat U hulle liefhet." En ek het dit skaars gesê, ek het uitgekyk, daar was 'n visioen, die seuntjie kon sien.

20 Ek het gesê: "Nou, voor ek hom van my skouers afhaal, as hierdie seuntjie se oë nie reguit, normaal is nie," ek het gesê: "dan is ek—ek 'n valse profeet. Maar as hulle reguit is, sal julle God glo?"

En die tolk het gesê: "Ja."

Ek het nie gekyk nie, net *so* omgedraai, en hulle het begin skree. Daar was hy, kon . . . sy oë so reguit soos kan kom.

21 So toe, volgende, toe was die volgende een wat opgekom het, 'n klein dogtertjie, en sy het behoort aan een van die, ek reken, een van die hoofmanne in die stam, en sy was doofstom. En so, ek het hulle gekry om haar net 'n bietjie te laat opkyk na my. Ek het gesê: "Ja, sy's beide doof en stom, en wat dit veroorsaak het, is koors wat sy omtrent vier jaar gelede gehad het, en haar doofstom gelaat het."

Die tolk het dit gevra soos . . . het dit gesê. En die dame het geknik, die dame wat haar gehad het, die Indiaanse suster: "Dit was reg."

22 En ek het gesê: "Nou, ek kan haar nie haar gehoor gee nie, ek's—ek's net 'n dienskneg, ek kan nie. Maar as—as ek vir haar sal bid, glo jy dat God haar sal genees?" Sy het dit geglo. So ek het die dogtertjie in my arms opgetel, en ek het vir haar gebid, en ek het haar neergesit. En ek het vir die tolk gesê, ek het gesê: "Nou, sê jy net in Indiaans, hulle taal, die—die Apache taal, wat ek in Engels sê."

"Goed."

En ek het gesê: "Het jy die Here Jesus lief?"

23 En sy het dit gesê. Sy het baie vreemd na haar gekyk, sy kon hoor. En ek het gesê: "Sê vir haar om te sê wat ek gesê het." En toe ek dit gesê het, het sy omgedraai, na my gekyk, sy kon hoor.

Sien? En toe sy teruggekom het soos *hierdie*, het ek gegaan [Broer Branham klap sy vingers—Red.] sy het omgedraai, gekyk, gekyk waar dit was. Ek het gesê: "Nou, sê vir haar om te sê: 'Ek is lief vir Jesus.'" En sy het iets geprewel. Ek het nog nooit regtig die taal gehoor nie.

Ek het gesê: "Jy weet, sal sal na 'n rukkie beter begin praat."

24 En die dame, wat getolk het, sy het teruggedraai, gesê: "Haar praat nou baie goed." Sy het in haar eie taal gepraat. "Sy praat nou baie goed."

25 Nou, jy praat van 'n gebedsry! Tweehonderd plekaanwysers kon hulle nie keer nie, dis al. Daar was 'n gebedsry, ek het nooit so-iets gesien nie, net soos 'n stormloop. En almal wou in die gebdsry kom, en ons kon dit nie keer nie.

26 En daar was . . . Die volgende wat uitgekom het, was 'n bejaarde dame. Nou, hulle is baie arm, maar hulle is God se mense. En sy was baie oud, en sy was veronderstel om volgende in die ry te wees, van *hierdie* kant af, net 'n jong kêrel, jong soldaat net omtrent *so-hoog*, fris-gebou, baie sterk, hy het net deurgebreek, en bo-oor almal anders gehardloop, en hy sou volgende wees. Wel, ons kon hom nie laat verstaan nie.

27 So Broer Moore, 'n man wat by my was, het net geneem . . . moes hom aan sy arms neem, en hom probeer vertel dat dit nie reg was vir hom om dit te doen nie, hierdie dame was volgende. Uiteindelik het hulle hom laat verstaan. En die arme ou dame, hulle het haar uit die kamer uitgebring, want hierdie het eerste begin, hulle eerste laat kom.

28 Wel, hier het sy gekom, en ek het haar opgelet. Nou, dis—dis jammerlik hoe sy . . . Sy het twee besemstokke gehad, wat afgesny is, en 'n gat bo deur 'n twee-by-vier geboor om die gekruisde deel van die kruk te vorm, met lappe daarom gedraai. En toe sy uitgekom het, kon sy net daardie krukke soos *hierdie* neersit, dan . . . Artritis. Sien? Sy kon nie haar bene beweeg soos *daardie* nie. Dan sou sy hierdie krukke uitsteek, en sy . . .

29 Ek het net stilgestaan, haar laat kom. En sy het reguit opgekom, en sy het opgekyk. Arme ou ding het gebewe van verlamming, die yslike groot, diep plooie in haar wange. Toe sy opgekyk het, haar grys hare, leer daarin gedraai, soos dit teen haar rug afgehang het, die trane het afgeloop, deur daardie plooie. Ek het gedink: "Iemand se moeder." Daar gestaan.

30 En toe sy *so* na my gekyk het, het ek nooit 'n woord vir haar gesê nie. Sy het net soort van geglimlag, sy het haar hand uitgesteek en een van daardie krukke gekry, en dit by die ander kruk gesit, hulle vir my aangegee, en afgeloop net so goed soos enigiemand. Sien? Sien? Wat? Sien? Ek het gesê: "Hoe het . . .?" Vir haar gevra hoe dit gebeur het dat sy daardie geloof gehad het.

Sy het gesê: "As Hy skeel oë kan reguit maak, kan Hy bene reguit maak." Dit was goed genoeg vir haar. Sien?

31 Net eenvoudige geloof, dis al wat dit kos. Wanneer jy dit probeer uitwerk, jy kan nie vir God uitwerk nie, jy moet God glo. Sien? Jy nie—jy nie . . . Verg nie 'n geleerdheid nie, dit laat ons weggaan van God af, hoe meer ons in geleerdheid weet, hoe verder gaan ons weg van God af. Dis die grootste hindernis wat die Evangelie het, is geleerdheid. Dan begin hulle dink hulle weet meer as God. Maar as jy jouself eenvoudig maak, en Hom net glo, is dit al wat dit kos.

32 Nog een klein dingetjie voor ek my getuienis afsluit. Ek het heelnag lank gebid. Dit het drie of vieruur in die oggend geword, ek kon nie meer verduur nie, en ek moes die onderskeiding na vyf of ses stop, ek het net hande op hulle gelê. En ek het begin oplet wat oorkom . . .

33 Nou, die—die rivier loop regdeur die reservaat, en dis die Soutrivier, wat afkom deur die reservaat, en dit raak nogal diep op party plekke. En ek het opgelet die Indiane wat ingekom het, was nat tot hoog op bo hulle heupe. So ek het gesê: "Wat's fout?" vir die tolk.

34 En sy het gesê: "Hulle het gedink jy's vals aan die begin," gesê: "maar nou weet hulle dis waarheid, en hulle dra hulle geliefdes. Die drif is omtrent vyftien myl ver hier ondertoe, maar hulle loop nou reguit *hieroor* met hulle geliefdes, om hulle deur die nag aan te dra," net om een nag daar te wees.

35 Volgende in die ry, wat ingekom het, wat opgekom het oor die platvorm, was 'n ou man. Hulle het 'n draagbaar gemaak om hom op te dra, hulle het 'n plank omtrent *so* breed geneem, en hulle het 'n stok daaroor gesit aan *hierdie* kant, en 'n stok aan *daardie* kant. En toe het hulle die ou man geneem en hom daar bo-op gelê, en een been het oor eenkant van die stok gehang, en dan sy arms soos *dit*. Daar was twee groot, goed-geboude, jong mans wat hom gedra het, wat net daar gestaan het, en hulle lippe blou, aan die bewe. Dis koud in die woestyn, dit raak baie koud so vroeg in die oggend. Hulle het gebewe, gewag, ek het hulle sien opkom in die ry.

36 Ek het aanhou bid vir die mense, net hande op hulle gelê, gebid soos hulle verbykom. So hierdie kêrel het daarbo gestaan, hy het gebewe, *so* vasgehou, aan die ou man. Ek het gesê: "Jy's nat." Gesê . . . Gekyk na my, en ek het gesê. "Praat jy Engels?"

Gesê: "Bietjie."

Ek het gesê: "Is jy nie bang, jy sal longontsteking kry nie?"

"Nee." Gesê: "Jesus Christus sorg net vir my. Ek het my pa gebring."

"Hmm, hmm." Ek het gesê: "Wie is dit daar aan die ander kant?"

"My broer."

37 Ek het gesê: "Bring hom hier." Hy kon nie Engels praat nie. Die kêrel het verlamming gehad, gebewe soos *hierdie*, wat skynbaar 'n groot siekte onder hulle was, dit en gloukoom. So ek—ek het gesê: "Meneer, glo jy in die Here Jesus Christus?" En sy seun het dit vir hom gesê, julle weet, en hy het sy kop geknik dat hy het. Ek het gesê: "Goed. As jy nou sal glo, net eenvoudige geloof, sal God jou gesond maak."

38 Ek het my hande op hom gelê, ek het gesê: "Hemelse Vader, hulle pappa, sonder twyfel het hy baie dae gesukkel om kos te maak vir daardie seuns." Ek het gesê: "Nou, glo hulle—hulle, en hulle het hom oor die rivier gedra daar, en—en van ver buite in die reservaat af, was waarskynlik ure om hom hier te kry." Ek het gesê: "Ek glo vir seker dat U hom sal gesond maak. In die Naam van die Here Jesus, vra ek dit; ek lê my gebed op U altaar en glo." En ek het gesê: "Goed. Nou, neem julle hom huis toe, en moenie twyfel nie."

"Dankie," begin vertrek.

39 En ek het gesê: "Volgende een." Die volgende een gebring, naderhand het ek iemand gehoor (ek was op hierdie stoep) wat 'n geraas maak, en al die Indiane wat skree en gil. Ek het daar na ondertoe gekyk, en die ou man het die plank op sy skouers gehad, op pad uit, en vir almal gewaai. Dit het gedoen . . . Dit . . . Nou, kan julle sien waarom ek daarvan hou om vir Indiane te preek. Sien? Hulle glo.

40 Nou, ek wil . . . Ek's hier om dit te sê, my—my broer, suster, en aan die witmense ook, sien, aan julle almal. Ons is hier in die land, en die klimate, ensovoorts, wat ons velkleure verander. God het, uit een bloed, alle mense gemaak, ons kom almal van Adam af, of ons nou wit, bruin, swart, geel, of rooi is. Wat ons ook al is, ons kom almal van een boom af, Adam, God se eerste mens, en daarom, is ons soos pelgrims.

41 Oral, ek was verskeie kere om die wêreld, en ek het nog nooit gesien, waar ons ooit mense gesien het wat God liefgehad het, dat hulle nie wonderlike mense was nie. Ek was onder waar hulle nie eers geweet het wat regter en linkerhand was nie. Hulle het nooit eers geweet om klere te dra nie, hulle was nakend uitgetrek, het niks geweet nie, het nie eers geweet hulle was nakend nie, mans, vroue, seuns, meisies, hulle het nooit enigiets daarvan geweet nie. Maar daar gestaan, en laat hulle Christus ontvang, en die Heilige Gees ontvang terwyl hulle daar gestaan het, doen hulle dieselfde dinge wat julle doen. Sien? En sonder om gesê te word, doen hulle dit in elk geval, sien, dit wys net dat die Heilige Gees universeel is. Sien? Dit is oral, Dit is dieselfde, reg rondom die wêreld.

42 So wanneer daardie groot tyd kom, wanneer ons Jesus wel kom, sal daar een in . . . twee in 'n bed wees, waar dit in die nag is: "Ek sal een saamneem en een agterlaat," twee in die veld,

waar dit daglig is, aan die ander kant van die wêreld: "Ek sal een saamneem, en een agterlaat." Sien, dit sal oral wees. Die opstanding, 'n groot Wegraping van die Kerk sal kom, en ons sal almal saam Huis toe gaan. Dan sal die oues weer jonk word, en, o, dit sal 'n wonderlike tyd wees.

43 Nou, Christenvriende, en aan Broer Eddie, en die personeel van predikerbroers hier, en aan julle daarbuite, ons is nie hier om enige sekere denominasionele kerk te verteenwoordig nie. Ons is hier om die onthalwe van die liefde van Jesus Christus, die Seun van God. Ons is hier, nie om lidmate te maak van enige sekere kerk nie, maar van *die* Kerk. En daar's in elk geval net een Kerk, en dis die Kerk van ons Here Jesus Christus. En ons sluit nie Daarby aan nie: "Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam," wat die Kerk van Christus is, Sy Bruid, dis hoe ons Christene word. En ons het Hom lief, en ek weet elke . . . die res van hulle het.

44 Nou, ons het organisasies, denominasies, hulle is in die haak. Dis goed, maar solank hulle nie 'n streep trek, sê: "Ons is Dit, en julle is nie," nie. Sien? Dit . . . Ons is—ons is almal Dit, as ons gedoop is in die Liggaam. En ek het gesê: "Ek is nou al vir meer as vyftig jaar deel van die Branham familie, en hulle het my nog nooit gevra om by die familie aan te sluit nie." Weet julle hoekom? Ek is daarin gebore, ek was—ek was 'n Branham deur geboorte. En dis hoe ons 'n Christen word, dis deur geboorte. Maak nie saak aan watter kerk ons behoort nie, ons is Christene deur geboorte. En dan deur geboorte, bring Sy Lewe in ons in en bring Sy Lewe voort deur ons. Julle sien?

45 Jy . . . As jy die sap, die lewe, uit 'n appelboom uit kon neem en dit in 'n wingerdstok sit, sal daardie wingerdstok appels dra, sien, want die lewe wat was . . . appels dra, die kiem is in die lewe, en dit sal appels dra aan 'n wingerdstok. Hang af van watter soort lewe daar binne-in is. Sien? Dis reg.

46 Nou, as jy 'n perskeboom en 'n peerboom kon neem, en die—die lewe uit die perskeboom haal, net al die lewe uithaal, en dit oorsit in die peerboom, elke stukkie van die lewe, geen peerboomlewe meer daarin nie, net perskeboomlewe, sal dit perskeblare dra. En dit sou hê—dit sou perskeblare hê, en perskes dra, want dit het perskeboomlewe daarin.

47 En maak nie saak hoe sleg die sondaar is, hoe boos, hoe sleg hulle is, hoeveel van 'n ongelowige nie, as jy net al daardie ou ongelowige lewe uit hom kan uithaal, sien, die Lewe van Christus in hom sit, sal hy 'n ander persoon wees. Dis reg. Hy—hy sal beslis, hy sal beslis 'n ander persoon wees.

48 En ek glo die Bybel is God se Woord. Sien? Ek glo dat Dit volmaak is. En Dit . . . en daar kan niks Daaruit weggeneem word, of niks Daarby gevoeg word nie.

49 Nou, agtergrond, ek is van Ierse afkoms, so daarom, was my mense Katoliek. Maar in ons ker-. . . my eie huis het hulle nooit in die kerk getrou nie, tot . . . hulle het aan niks behoort nie, en dis waar ek my roeping gekry het. Julle het waarskynlik die boeke, en het hulle al gelees, van die, *My Lewensverhaal*. En toe is ek geroep na hierdie bediening.

50 Nou, toe ek die eerste keer 'n Christen geword het, of begin glo het in Christus . . . Van 'n klein seuntjie af het dit by my begin, toe ek was, eers, toe ek gebore is. Toe ek gebore is, het daardie Lig, wat julle hier op die foto sien, oor die wiegie gehang waar ek gebore is, ver bo in die berge, met nie eers 'n—'n houtvloer nie, net grond. En ons het nie eers gehad 'n . . . hulle het nie eers 'n tafel gehad nie, Pappa het 'n stuk stomp afgesaag, en pote daaraan gesit vir 'n tafel. En ek het 'n bedjie gehad wat van mieliesdoppe gemaak was. Ek weet nie of julle weet wat . . . die van die mielies, die blare van die mielie, die doppe, en hulle het die kussing en die bed daarvan gemaak. En dis waar ek gebore is, om vyfuur een oggend. En het nie eers glas in die venster gehad nie, net 'n deurtjie wat jy oopstoot, en—en toe het daardie Lig ingekom; en dit wys maar net dat God nie 'n paleis hoef te hê om in in te kom nie, net 'n nederige huis, enigiemand wat sal glo.

51 En nou, ek glo die Woord van God is so volmaak dat ons Dit nie verkeerd kan interpreteer nie. Ons moet Dit net leer soos wat Dit is, en Dit lewe op die manier wat Dit geleer word. Nou, ek—ek glo nou . . . Nou, soos die priester vir my gesê het, hy het gesê: "God sal die wêreld oordeel volgens die kerk." Wel, as dit volgens die kerk is, watter een is die kerk? Die Katoliek, eenkant, daar's 'n Rooms Katoliek wat sê: "Ons is," die Grieks Katoliek sê: "Ons is." En o, goeiste, die verskillende—verskillende Katolieke fases, watter een van hulle is reg? Sien?

52 Dan sê julle: "Wel . . ." Dan sê die Lutheraan: "Ons is die kerk," die Baptis sê: "Ons is die kerk," die Metodis sê: "Ons is die kerk," die Pinkster sê: "Ons is die kerk." Die—die . . . Wel, daar's negehonderd-en-sestig verskillende denominasies, so watter een is die kerk? Dit sou baie verwarrend wees. Sien? Maar God sal die mense volgens Sy Woord oordeel, want dis die Woord.

53 Nou, daar in die Boek van Openbaring, het dit gesê: "Wie ook al enigiets uit die Boek sal wegneem, of enigiets Daarby sou voeg, dieselfde sal, sy deel sal uit die Boek van Lewe weggeneem word." Nou, ek glo Dit is so volmaak, dat die rede waarom ons vandag dood, hartseer, siekte, hierdie begraafplase hierbuite het, elke mens wat ooit doodgegaan het, elke klein babatjie wat ly, elke siekte, was omdat toe Eva nie die geglo het dat God se Woord voldoende was nie, sy God se Woord gewantrou het, en dit die dood gebring het.

54 God het vir Sy Kerk gegee, God kan nie verander nie, so God het vir Sy Kerk die beste Ding gegee, en as God ooit 'n

besluit maak, kan Hy nooit sê: "Ek was verkeerd," nie. Sien? Verstaan julle dit? Kyk. God . . . Miskien praat ek te hard, ek—ek hoop nie ek doen dit nie, ek . . . God kan nooit Sy besluit verander nie. Wanneer ek enigiets sê, of jy sê enigiets, ons is eindig, dit beteken net menslik. En ons sê: "Volgende jaar leer ons meer as wat ons die jaar vantevore geweet het." Ek—ek . . . Sien, ek—ek word slimmer, julle ook, elkeen van ons word, maar nie God nie. Hy is oneindig, dit beteken Hy is volmaak om mee te begin. Elke besluit is volmaak, Hy kan nooit Syne verander nie.

55 Kyk, sodat julle dit nie verkeerd sal verstaan nie, in die tuin van Eden, toe die mens die eerste keer gesondig en distansieer het, homself afgesny het van God, gemeenskap met God, nou het hy probeer om vir homself 'n godsdiens te maak, hy het 'n paar blare aanmekaar gewerk om homself te bedek. Maar sy mensgemaakte godsdiens wou nie werk nie, en God het 'n besluit gemaak van die offer van bloed, Hy het 'n paar diere doodgemaak, die velle geneem en hulle bedek.

56 Nou, dit was God se besluit, in die tuin van Eden, om die mens te red en met die mens gemeenskap te hou deur die gestorte bloed van 'n onskuldige wese, en Hy het dit nog nooit verander nie. Ons sal nooit 'n punt bereik, sê: "Ons moet almal Lutherane wees; ons moet almal Katolieke wees; ons moet almal *dit* of *dat* wees nie." Maar een plek waar God die mens ontmoet, en dis op grond van die gestorte Bloed, die Bloed van Jesus Christus, Sy Seun. Dit was so aan die begin.

57 In Israel, het die mens net ontmoet . . . God net die mens ontmoet onder die gestorte bloed, in die dae van Job, net die gestorte bloed. Regdeur die geskiedenis was dit die gestorte bloed, want dit was God se eerste herkenning aan die mens, hoe om hom te red, deur die bloed.

58 Sien, wanneer God een keer optree, Hy op die toneel geroep word om op te tree, nou, moenie hierdie vergeet nie, wanneer God eenmaal geroep word om . . . op die toneel om op te tree, die manier wat Hy die eerste keer optree, elke keer dat—dat daardie geval weer genoem word, of enige geval soortgelyk daaraan, moet Hy op dieselfde manier optree as wat Hy die eerste keer het, of Hy het verkeerd opgetree toe Hy die eerste keer opgetree het. Nou, verstaan julle baie goed? My Indiaanse vriende verstaan dit baie goed?

59 Kyk, met ander woorde, as—as 'n mens gesondig het, en God het gesê: "Ek sal—ek sal hom red onder die gesorte bloed," is dit . . . Nou, en die volgende man kom, moet Hy hom ook red, die volgende man, volgende man, en elke man. En dan as 'n man siek is, en God het die eerste man genees op grond van sy geloof in God, is dit die manier wat God die eerste man genees het, en elke mens wat nou daarna kom, Hy, wat met geloof glo, moet God dieselfde ding doen. As Hy nie het nie, het Hy verkeerd

opgetree met die eerste mens. Nou, weet julle wat ek bedoel? Hy was verkeerd toe Hy die eerste keer opgetree het. Sien? So Hy moet elke keer dieselfde optree.

60 Nou, julle sê: "Wel nou, miskien beteken hierdie nie dit nie." Julle moet dit nooit glo nie. Elke Woord wat God gespreek het, bedoel Hy Ewiglik. Sien? Die Woord is God, sien, so Dit kan nie faal nie.

Nou, wel sê julle: "Wel, dit maak geen verskil nie." Ja, dit maak, vriende.

61 Nou kyk, toe Lot uit Sodom uitgeroep was, onthou julle mense die storie? Sekerlik. Nou, die Engel het vir Lot en sy vrou, sy familie, gesê: "Moenie terugkyk nie." En nou, dink aan daardie moeder, Lot se vrou, haar kinders het verbrand, daaronder, in die Oordele van God, haar kleinkinders het verbrand in die Oordele van God. En sy het net haar kop gedraai om om te kyk, en daar staan sy, vandag nog, as 'n soutpilaar. Ons weet dit. Sien? Dit maak wel 'n verskil. Wanneer God enigiets sê, bedoel Hy presies wat Hy sê. Nou, hoeveel in hierdie gebou, beide Indiaan en wit, wat glo God bedoel presies wat Hy sê, dat Hy—Hy nie kan verander nie, Hy bedoel wat Hy sê? Goed.

62 Nou—nou, voor ons Sy Woord nader, en ek wil. . . Ek sal net 'n bietjie met julle praat oor die Woord. Nou, ons sal nooit die Woord verlaat nie. Ons moet bly. . . Ek glo die Woord. God kan baie dinge doen wat Hy nie in Sy Bybel geskryf het nie. Maar solank as ek. . . As ek Hom net sien doen wat Hy geskryf het, is dit genoeg vir my. Laat Hom net. . . Net reg so. Ek—ek dit glo, dan weet ons ons is reg.

63 Nou, aan my predikerbroers hier, die kerkmanne, sodat. . . Hulle is julle. . . Dis julle pastore. Nou, in die Ou Testament, het God 'n manier gehad om uit te vind, of, het die mense 'n manier gehad om uit te vind of 'n boodskap reg was of nie. Nou, wanneer 'n profeet geprofeteer het, of 'n dromer 'n droom gedroom het, het hulle hom onder na die tempel toe geneem, waar Aäron se borsplaat was wat al daardie borsstene gehad het, twaalf, en wanneer hierdie profeet voor daardie steen geprofeteer het, of die dromer sy droom vertel het, as (Dit word die Urim en Thummim genoem.), en as daardie ligte nie geflits het oor daardie Urim en Thummim nie, dan, maak nie saak hoe werklik dit geklink het nie, dit was verkeerd. Die Urim en Thummim moes spreek of dit reg of verkeerd was. Julle weet dit, broers. Dis reg. Wel nou, dit was vir die Levitiese priesterdom. Nou, wat God daar gedoen het. . . Nou, Hy verander nooit, onthou, Hy kan nie verander nie, Hy moet bly.

64 Jesus, toe Hy gekom het, het Hy gesê: "Julle het hulle in die ou tye gehoor: 'Jy mag nie doodslaan nie,' maar Ek sê dat wie ook al kwaad is vir sy broer sonder 'n rede, het alreeds doodgeslaan."

Is dit reg? Nou, julle sien, Hy het nooit—Hy het dit nooit verander nie, Hy het dit net erger gemaak, dit groter gemaak. Sien?

65 Hy het gesê: "Julle het hulle in die ou tyd gehoor: 'Jy mag nie owerspel pleeg nie,'" hy moes in die daad wees om skuldig te wees, Hy het gesê: "maar Ek sê vir julle, dat wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het alreeds in sy hart met haar owerspel gepleeg." Sien? Hy het dit gebring van die werklike daad na die begeerte vir die daad, sien, dit groter gemaak.

66 Nou, toe die Urim en Thummim, van die borsplaat van Aäron, verander is, is dit na die Woord gebring: "Hemel en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nie verbygaan nie." Sien? Dan moet dit volgens die Woord wees.

67 Nou, kom ons buig ons hoofde, net 'n oomblik, vir gebed, en ons gaan—gaan Hom nader. Nou, net op die aand van hierdie drie-aand diens saam met julle lieflike mense, ek wonder onder julle, vanaand, is daar 'n versoek wat julle graag onthou wil word voor God, te sê soos hierdie: "God, U ken my hart, ek het iets wat ek nodig het, ek gaan my hand opsteek. En, God, voor hierdie diens eindig, hierdie drie-aand diens, gee vir my genesing vir my liggaam, of vir my suster, vir my broer, vir—vir my moeder, vader, of vir verlossing," of wat jy ook al nodig het.

68 As jy so 'n behoefte het, sal jy net jou hand opsteek na God? Maak dit net bekend, terwyl jy jou hand opsteek, sê: "God, onthou my." Goed. Nou, laat ons bid.

69 Ons Hemelse Vader, ons nader U Genadetroon, ons sou nie kom na die Oordeelstroon, die Troon van geregtigheid nie, ons kon nie daar staan nie, want na regte behoort ons nie die reg hê om te kom nie, want ons was sondaars. Maar ons het gekom na die Genadetroon, wat U vir ons gesê het ons die reg het om te kom.

70 En nou, Hemelse Vader, U weet die . . . wat agter hierdie hande is wat opgesteek is. Daaronder was daar 'n hart, en in daardie hart was daar 'n versoek. God, gee dat voor hierdie drie aande verby is, dat elkeen van hulle beantwoord sal word. Skenk dit, Here. Red dié wat verlore is, genees die siekes, Here.

71 Nou, ons weet dat U deurboor is ter wille van ons oortredinge, deur U wonde daar vir ons genesing gekom het. Nou, ons besef, Hemelse Vader, dat toe U vir ons sondes gesterf het, elke sonde in die wêreld toe vergewe was, maar dit sal ons nooit help, tot ons Hom as ons Verlosser aanvaar vir daardie sonde nie. Maar die sonde-vraagstuk is afgehandel toe Jesus Christus, die Seun van God, gesterf het om die sonde van die wêreld weg te neem.

72 En ons word geleer dat daar deur Sy wonde vir ons genesing gekom het. Nou, ons weet dat genesing reeds afgehandel is in die oë van God, want Sy Eie Seun is gewond vir ons genesing: "Deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." En ons weet

dat ons genesing kan aanvaar wanneer ons dit glo, net soos ons verlossing aanvaar.

73 Nou, Vader, sal U in ons midde inkom en ons laat weet dat U opgestaan het uit die dood, dat U vandag lewe, en is . . . U is, bly steeds dieselfde liefdevolle Jesus, en dat die tyd naby is . . . ? [Leë kol op band—Red.] . . . kyk op die aarde na hierdie gesigte wat kom, U het gesê dit was die tyd om die hoof op te hef, want ons verlossing is naby.

74 Die profeet het vir ons gesê daar sal 'n dag wees wat nie nag of dag genoem kan word nie, dit sou 'n somber dag wees, baie mistig, maar in die aandtyd sal dit Lig wees. En dieselfde son wat opkom in die ooste is dieselfde een wat ondergaan in die weste, dieselfde s-o-n wat oor die hemele beweeg. En dieselfde S-e-u-n van God wat in die ooste gekom het en die Heilige Gees uitgestort het in hierdie laaste dae, in die aandtyd, hier oorkant aan die Weskus, het die mis teruggedruk en die Heilige Gees uitgestort om Aandlig te gee, net soos Hy belowe het. Ons dank U daarvoor, Vader.

75 Nou, ek's hierbo onder die bywoners van die . . . hierdie kosbare mense wat hier woon, wat uitkyk vir die Koms van die Here. Nou, ons bid dat U Uself sal grootmaak voor ons, op so 'n wyse dat ons sal weet dat U hier is.

76 En wanneer ons vertrek, vanaand, om na ons verskillende huise toe te gaan, mag ons sê soos hulle, wat van Emmaüs af gekom het, daardie dag na die opstanding . . . U het heeldag saam met hulle gewandel, en hulle het U nie geken nie. En toe U hulle in die aandtyd gekry het, en hulle na binne geneem en die deure toegemaak het, toe het U iets gedoen soos U dit gedoen het voor U gekruisig is, en hulle het geweet niemand kon dit doen soos U nie, en dat dit U was. So hulle het hulle soontoe gehaas, en gesê: "Waarlik, die Here het opgestaan. Was ons harte nie brandende in ons, terwyl Hy met ons gepraat het langs die pad nie?" Skenk dit, Here, vanaand, soos ons na ons huise toe gaan.

Mag ons die herrese Here Jesus sien, net hier in hierdie gebou, wat die siekes genees, en genade aan almal betoon. Ons vra in Jesus' Naam. Amen.

77 Nou, oorkant in die geseënde ou Bybel, en net vir 'n teks . . . En nou, wil ek hê julle moet nou baie goed luister, en ek sal net my tyd neem en hierdie probeer verduidelik so goed as wat ek kan. Nou, as julle hierdie baie goed sal verstaan . . .

78 Nou, al my Indiaanse vriende ken Engels. Is dit reg? Hulle kan almal Engels praat? Goed. Almal hierbinne praat Engels, Noorweërs, en wat-nog? Julle sien, ek wil hê julle . . . Eintlik, wou ek sê as hulle nie het nie, sou ek iemand kry om te kom tolk, want ek wil nie hê julle moet hierdie mis nie.

79 Nou, julle is so ’n gawe gehoor, ek kon net vir ure staan en praat, en—en ek—ek het julle lief, want ek weet julle het ons Here lief.

80 Nou, ek wil twee plekke uit die Skrif lees. En een van hulle word gevind in Johannes 12:20, die 12de hoofstuk en die 20ste vers, die ander een is ons tema van ons veldtog, Hebreërs 13:8.

81 Nou, hierdie is net ’n klein formele boodskappie waarmee ons gewoonlik die diens inlei, en dan sal ons bid vir die siekes. En dan sal julle môre, miskien, beter verstaan. Onthou kom vroeg kerk toe.

82 En nou, daar sal ’n seun hier wees, my seun, of Broer Eddie, of Broer Roy, of sommige van hulle, iemand sal hier wees met gebedskaartjies. En hulle bring hierdie gebedskaartjies na julle toe, maak hulle almal deurmekaar, en gaan af en gee vir elkeen ’n gebedskaartjie, sodat die seun wat hulle deurmekaar maak, hy niks te doen sal hê met watter gebedskaartjie gegee word nie.

83 Dan wanneer ek na die diens toe kom, weet ons net nooit waar die gebedsry sal begin nie. Ons mag begin by vyftig, ons mag begin by twintig, ons mag begin by tien, ons mag begin by een, ons mag begin by ’n honderd en terugkom, net op enige manier. Enigiemand wat ooit die dienste bygewoon het (julle broers het, neem ek aan het al), weet dat dit waar is. So daarom dan hoef jy nie die gebedskaartjie te hê, as jy net geloof het nie. Daar word gewoonlik tien in die gehoor genees waar een op die platvorm genees word. Hê julle net geloof en glo.

84 Nou, Johannes, die 12de hoofstuk, 20ste vers:

> *En daar was sommige Grieke onder dié wat opgekom het om op die fees te aanbid:*
>
> *Hulle het na Filippus gegaan, wat van Betsaída was . . ., en hom gevra, en gesê, My heer, ons wil Jesus graag sien.*

Nou in Hebreërs 13:8, het dit gesê:

> *Jesus Christus dieselfde gister, . . . vandag, en tot in ewigheid.*

85 Nou, ek gaan ’n teks daarvan maak en hierdie sê: *Meneer, Ons Wil Jesus Graag Sien*. Nou, hoeveel sal Hom graag wil sien? Laat ons julle hande sien. Net hoeveel nou? Dankie vir julle belangstelling om ons Here te wil sien.

86 Nou, soos ek julle vertel het, ek glo die Bybel is God se Woord, en Dit moet net presies wees wat God sê, en Hy moet elke belofte hou, of dit is nie God se Woord nie. Sien, as dit . . . as daardie . . . As Hy nie Sy belofte hou nie, dan is dit nie God se Woord nie. God kan nie God wees, ’n belofte maak en dit dan nie hou nie. Sien? Nee, nee. Dit sou die mens wees. Dit sou ’n mensgemaakte boek wees. Maar God se Boek is God se Woord.

87 Nou, nou, hierdie Grieke het van Jesus gehoor, maar hulle het Jesus nog nooit gesien nie. En hulle het na een van Jesus se dissipels toe gekom, met die naam van Filippus, van Betsáida in Galiléa, en gesê: "Meneer, ons wil Jesus graag sien." Nou, hy was Jesus se dienskneg, so hy het hom na Jesus toe geneem, en Jesus vir hom gewys.

88 Nou, die Bybel het hier gesê, Paulus wat in Hebreërs 13:8 geskryf het, dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid. Glo julle almal dit? Goed.

89 Nou, as daardie Grieke graag vir Jesus wou sien, en jy wil vir Jesus sien, en een van God se diensknegte geneem en Jesus vir hulle gewys het, en as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, waarom kan God se dienskneg Hom nie vandag vir jou wys as Hy dieselfde is nie?

"Wel," sê julle: "maar Hy het gesterf."

90 Ja, maar Hy het weer opgestaan. Sien? Hy is nie dood nie. Hy lewe. Sien? Hy is nie dood nie, Hy is lewendig. Nou, Sy vleeslike liggaam, dis die vlees, is opgeneem voor God, sit op die Troon van God. En die Heilige Gees het weer afgekom, wat die Gees van Christus was, en woon in die Kerk. Julle glo dit, nie waar nie? Nou, as ons hierdie vraag sou vra: "Meneer, ons wil Jesus graag sien?" en nou as Jesus, die . . .

91 Ek, as 'n sendeling, ek reis oral om die wêreld. En ek was pas in Bombaai, Indië, hier nie lank gelede nie, waar ek getrakteer is in die tempel van die Djaine, die Djiaanse godsdiens. En daar was sewentien verskillende godsdienste verteenwoordig in daardie tempel, daardie middag, om met my te praat, en elkeen van hulle was teen Christendom.

92 Nou, dink daaraan, hulle aanbid afgode, diere, en party van hulle glo in reïnkarnasie, dit is, jy sterf as een ding, en kom terug as iets anders. Dit was die verskriklikste deurmekaarspul wat jy nog ooit gesien het, maar toe ons Here Jesus op die toneel verskyn het, het dit dit afgehandel. Ek het hierdie selfde teks geneem voor vyfhonderdduisend daardie aand, dis 'n halfmiljoen mense wat in 'n yslike groot stadion, soos 'n amfiteater, sit, en daardie selfde teks geneem, waar Mohammedane, en Boeddhiste, Siekhs, Djain, o goeiste, elke verskillende soort waaraan jy kan dink, en die Rajas wat op sykussings sit. Die Burgemeester van Durban was daar, en—en Mahatma Ghandi se seun was daar, en—en soveel.

93 En daar, toe die Heilige Gees begin openbaar het aan die mense . . . En toe, het 'n man gekom . . . En hulle het gedink dit was telepatie. Toe het daar 'n blinde man na die platvorm toe gekom, met sy gebedskaartjie, die vierde persoon. En ek het 'n visioen gesien dat hy gesond gemaak gaan word, en ek het elke godsdiens uitgedaag op die grond om te kom, vir hom sy sig te gee.

94 Ek het gesê: "As hierdie telepatie was, kom gee julle vir hom sy sig." Ek het gesê: "Waarom kom julle dan nie? Die Mohammedaanse priester, waarom kom jy nie?" Ek het gesê: "Jy dink . . . Ek sou niks . . . Ek sou nie dit nie vir enigiets gesê het nie, ek sou bang gewees het om dit te sê, maar ek het pas 'n visioen gesien dat hy sy sig gekry het. Nou, as hy nie, dan is ek 'n valse profeet, as hy wel, hoeveel sal Christus as Verlosser aanvaar?" Net oseane hande!

95 Ek het gesê: "Kom hier, meneer." En Dit het vir hom gesê hy was 'n . . . was *soveel* jare al blind, en hy was 'n bedelaar, ensovoorts, en alles van hoeveel kinders hy gehad het, en so dit was alles reg, maar hulle het steeds geglo dit was 'n telepatie, soos 'n gedagte lees. Julle sien?

96 En so, ek het gesê: "Nou, gedagtes lees, dit . . . Ek weet niks van sielkunde af nie." Ek het gesê . . . En enigiemand wat sielkunde ken, sal dit nooit sielkunde noem nie. So toe het hulle . . . Ek het gesê: "Nou, as dit so is, kom julle professore van sielkunde hiernatoe en gee vir hom sy sig." Dit was 'n baie stil groep.

97 Ek het gesê—ek het gesê: "Julle Mohammedane is die oorheersende godsdienste van die wêreld." Dis reg. Daar is meer Mohammedane as enige. En ek het gesê: "Waarom kom julle priesters dan nie hier op en gee vir hom sy sig nie?" Ek het gesê: "Wat van julle Boeddhiste?" Boeddha het omtrent drie-en-twintighonderd jaar gelede geleef, 'n Chinese filos- . . . , of, Japanese filosoof. Ek het gesê: "Nou, waarom kom julle nie en gee vir hom sy sig nie?" Ek het gesê: "Ek was vanmiddag in die tempel van die Djiane. Daar is die—die," soos die pous: "die hoogste man van hulle, kom jy, gee vir hom sy sig, ek sal by julle godsdiens aansluit." Niemand het niks gesê nie.

98 Ek het gesê: "Wat makeer julle?" Julle sien? Ek het gesê: "Nou, as hierdie telepatie is, kom julle dan, julle is meester daarvan, ek is nie, gee vir hom sy sig." Sien? Ek het gesê: "As Mohammed is . . . Iemand moet reg wees, en iemand moet verkeerd wees, ons kan nie almal reg wees nie." Dis waar.

99 Ek het gesê: "Laat die God wat die God van die skepping is, vir hom sig skep, dan sal ons weet of dit reg is of nie." En ek het gesê: "Ek sou dit nie gesê het as ek nie alreeds gesien het dat hy sy sig sou ontvang nie." Maar ek het gesê: "Hy is, en as hy nie, dan jaag julle my weg uit Indië, dan's ek 'n valse profeet, as hy dit wel kry, ontvang Hom dan."

100 Ek het vir hom beduie om daarnatoe te kom. Ek het skaars klaar gebid, toe skree hy, en toe kon hy so goed sien soos ek kon, soos enigiemand. Sekerlik. En toe, moes hulle . . . Ek kon nie eers uit die gebou uitkom, en sulke dinge nie. Hulle moes . . . Hulle het selfs die burgermagsoldate daar gehad, o, ek reken vyftien,

sestienhonderd soldate voor ek nog by die motor kon kom, twee ure later. En . . .

101 Maar wat is dit, vriende? God, as Hy ooit God was, is Hy steeds God. En as Hy nie dieselfde God is nie, dan is daar iets verkeerd, Hy kon nie God gewees het van die begin af nie. So . . . Sien? So Hy moet—Hy moet—Hy moet vir altyd dieselfde bly.

Nou, nou, as ons sou sê: "Meneer, ons wil Jesus graag sien . . ." Nou, as ek vir die Lutherane hier sou sê vanaand: "Wat dink julle daarvan?"

102 "O, sekerlik, ek glo Hy is dieselfde." Baptis, Presbiteriaan, Pinksters, Katoliek, wat nog, dit sal almal wees: "Ja, Hy is in ons kerk, en die . . . ons het Hom. Ons . . . Hierdie is ons s'n. Hy—Hy is ons God. Hy—Hy is met ons."

103 Wel nou, ek glo dit ook, ek gaan dit saam met julle glo. Maar nou, net 'n oomblik, daar's net een manier om daardie ding reg te maak, daar's net een manier om regtig te weet, is om uit te vind wat Hy gister was. Sien? Wat Hy ook al gister was, Hy moet dieselfde wees vandag. Is dit reg? Sien, dit is nie of . . .

104 Nou, ons sou nie onder in die dorp ingaan om 'n man te vind, rondkyk . . . Ons sou sê: "Jesus Christus is met ons." Ons sou nie onder na die dorp toe gaan om 'n man te vind wat 'n kleed aanhet, en spykermerke oor sy hoof, of, doringmerke, en spykermerke in sy hand nie, enige huigelaar kon dit doen. Sien, sien? Dit verg die Lewe in hom om dit te doen, Sy Lewe, die Lewe van die Man.

105 Jesus het hier in Johannes gesê: "Hy wat in My glo, die," Johannes 14:12: "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Want Sy Lewe . . . As ons was, sondaarboom en 'n Christusboom is in ons gesit, dan sou daardie Lewe vrugte dra, net presies soos die perskeboom vir die peerboom, of sovoorts, die appelboom, vir wat dit ook al was. Is dit reg? Sien, julle sou moes sien wat Hy gister was.

106 Nou, Paulus wat hier gepraat het, het van gister gepraat, beteken die Ou Testament. Wat Hy gister was, is Hy vandag, en sal vir ewig wees. Dis die Ou Testament, die Nuwe Testament, en tot in ewigheid, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. Sien?

107 Nou, wat was Hy gister? Nou, as Hy was 'n—as Hy 'n groot, ryk man was gister, sou Hy vandag 'n groot ryk man wees. Maar toe Hy gister gekom het, vind ons uit dat Hy nie eers 'n plek gehad het om Sy kop neer te lê nie. Dis reg. "Die voëls van die hemel het neste, die jakkalse het gate; maar Ek het nie eers 'n plek om My kop neer te lê nie."

108 Hy—Hy het gehad . . . Toe Hy in die wêreld gekom het, het Hy 'n skoot geleen om in gebore te word, hulle het geen wiegie gehad om Hom in neer te lê nie, so hulle het Hom in 'n kissie strooi neergelê. Toe Hy gesterf het, was Hy vasgeskyper aan 'n

Romeinse boom onder die doodstraf. Hy het een kleed gehad om aan te trek, dit is vir Hom gemaak: "aanmekaar geweef sonder 'n soom." Hy moes 'n graf leen om in begrawe te word. So daar's niemand van ons in so 'n slegte toestand nie.

109 Hy het kom wys wat God was. Enigiets wat hoog en hoogmoedig is, is nie God nie. God is laag en nederig, dis wat Hom God gemaak het. Sien, iets wat laag daal, nie hulle wat verhewe is nie. So God woon nie in hiërargieë en dinge nie, Hy woon in nederigheid. Die pad op is af. "Verneder jouself en jy sal verhoog word; verhef jouself en jy sal verneder word." Dis reg. Sien? God weet hoe om dit te doen. So julle moet onthou, verneder jouself voor God. Moenie jou eie gedagtes probeer dink nie, dink Sy gedagtes. Sien?

110 En die hele Christenwapenrusting, nou, is onsigbaar. Die Christen kyk na wat hy nie sien, natuurlike nie. Nou kyk, dis die enigste manier wat jy 'n Christen kan wees. Jy moet God glo, vir Wie jy nie kan sien nie. Sien, nou kyk. Kyk hier. Die hele Christenwapenrusting is liefde, vreugde, geloof, lankmoedigheid, geduld, nederigheid, sagmoedigheid, Heilige Gees. Sien? Al daardie goed is onsigbaar, hulle is onsigbaar. Maar die dinge wat onsigbaar is, is dié wat die werklikheid het, die onsigbare dinge.

111 Nou, ons sal vir Jesus vat. Ons ken almal Sy geboorte, hoe Hy voorspel is van die tuin van Eden af: "die Saad van die vrou sal die slang se kop vermorsel, en hy sal aan die hakskeen byt," ensovoorts.

112 Nou, maar toe Hy gekom het, is Hy gebore in 'n krip, en Hy het grootgeword in 'n nederige huis, en toe by 'n paar mense gaan bly, Martha, Maria, en Lasarus. En op die ouderdom van dertig jaar oud, het Johannes die Doper Hom in die Jordaanrivier gedoop, en God het afgekom, in die vorm van die Heilige Gees . . . in die Heilige Gees in die vorm van 'n duif, en in Hom ingegaan, en in Hom gewoon.

113 Nou onthou: "God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen." Is dit reg? Goed. "Nie Ek," het Jesus gesê: "wat die werke doen nie, maar My Vader wat in My woon, Hy doen die werke." Nou, as julle Skrifte neerskryf, Johannes 5:19, het Jesus gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so." Nou, onthou, nie wat Hy die Vader *hoor* sê nie, maar wat Hy die Vader *sien* doen.

114 Daarom, het Jesus nooit enigiets gedoen tot God Hom nie eers gewys het, deur 'n visoen, wat om te doen nie. As Hy nie het nie, is die Skrif verkeerd. Johannes 5:19 het gesê: "Voorwaar, Ek sê vir julle," dit beteken absoluut: "Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so. Want die Vader werk, en Ek werk ook

net so." Met ander woorde, Hy het net in drama uitgespeel wat God die Vader, vir Hom gewys het om te doen, want God was in Christus.

115 Nou, Mattheüs 3, het Dit gesê: "Dit is My geliefde Seun," toe Hy neergedaal het, 'n Stem het Daaruit gekom, God, wat neergedaal het, soos 'n duif, Johannes het gesê hy het Dit gesien, En 'n Stem wat Daaruit kom, het gesê: "Dit is My geliefde Seun, in Wie, *in* Wie Ek 'n welbehae het om in te woon." En as ek dit sou maak dat julle dit beter kan verstaan, dat die vroeë vertalers in die Koning James . . . As julle die oorspronklike Grieks kry, lui dit soos hierdie: "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het om in te woon." Maar julle sien, dis dieselfde ding. "In wie Ek 'n welbehae het om in te woon." Sien? "Ek het 'n welbehae om in My Seun te woon." Toe het Hy Immanuel geword, God met ons.

116 Nou, nou, nou, Johannes, ek het van julle gelees, Johannes 12:20. Nou, kom ons gaan terug na Johannes, en begin, en bly net in Johannes, vanaand, wys wat die Skrifte in Johannes van Hom is. Nou, ons sal sien of ons kan uitvind wat Hy was, vanaand, môre-aand sal ons 'n bietjie dieper daarop ingaan, en die volgende aand, net voortgaan.

117 Let nou op. Johannes, kom ons . . . Ons het die 12de hoofstuk gelees, kom ons gaan nou terug en lees die 1ste hoofstuk, gesê nou: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." Nou, kan julle dit begryp? "In die begin was die Woord."

118 Nou, wat is 'n *woord*? 'n *Woord* is "'n uitgspreekte gedagte." Jy moet dit dink voor jy dit sê. Sien? En: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God." En as die Woord ooit God was, is Dit steeds God. Sien dit? "En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." Johannes die 1ste hoofstuk: "Die Woord het vlees geword, en gewandel onder . . ." Die Woord van God het vlees geword onder ons in Christus Jesus. Glo julle dit? Hy was die Woord van God wat vlees geword het.

119 Nou, en Jesus het gesê, in Johannes die 1ste hoofstuk, ook in die 10de hoofstuk en die 37ste vers, het Hy gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie." Met ander woorde, wat die Vader uitgespreek het wat Hy was, as Hy dit nie gedoen het nie, moet Hom dan nie glo nie; dis maak net sin. Sien?

120 En in Johannes 5:39, gesê: "Ondersoek die Skrifte; want Daarin dink julle het julle die Ewige Lewe, maar Dit is Dié wat van my getuig." Met ander woorde, Hy was die lewende Woord, Hy was God se Woord wat gemanifesteer was. O, hoe ek daarvan hou om—om daarop in te gaan: God se Woord wat gemanifesteer word, met ander woorde, bekend gemaak word, God se Woord

wat bekend gemaak word. Met ander woorde, Hy was die Een waarin God gewoon het om Sy Woord bekend te maak.

121 Christus het uitgebeeld wat die Woord geleer het. Amen. Daar het julle dit. Christus was die Uitbeelding van die Woord wat geskryf was; Christus het Dit uitgebeeld. Geen wonder Hy het vir daardie Fariseërs, godsdienstige leiers van Sy dag, gesê nie, Hy het gesê: "Julle geveinsdes," gesê: "as die son helder ondergaan, dan sê julle dit gaan môre mooi wees. As dit donkerrooi is, dan sê julle dit gaan stormweer wees." Gesê: "Julle weet wel om die voorkoms van die lug te onderskei; maar die tekens van die tyd kan julle nie onderskei nie. Want as julle My geken het, sou julle My dag geken het." Sien?

122 Hulle het godsdiens gehad, o, goeiste, baie daarvan. Maar hulle het Hom nie gesien as die Messias nie, want . . . Nou, julle weet Hy het nie op die verkeerde manier gekom nie; Hy het presies gekom op die manier wat die Woord dit voorspel het, maar nie volgens wat hulle gedink het nie, hulle het dit op 'n ander manier gehad. Maar Hy het presies gekom op die manier wat die Bybel dit voorspel het Hy sou kom, net, hulle het die Bybel verkeerd interpreteer.

123 Ek wonder of dit weer so kan wees. Sonder twyfel dat daar—daar te veel verskillende interpretasies Daarvan is. So julle kan sien, daar moet iewers iets verkeerd wees. Party van hulle sê: "Daar's glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie," ander sê: "Die dae van die wonderwerke is verby. Die Heilige Gees het net op die twaalf apostels geval," en—en ander sê een ding, daar moet iets reg en iets verkeerd wees iewers. Dis reg.

124 En onthou, voor jy kan hê . . . As jy 'n valse dollar het, wat 'n vervalste dollar is, voor daardie vervalste dollar gemaak kan word, moet daar 'n egte dollar wees waarvanaf dit gemaak is, as dit nie was nie, is dit die oorspronklike. [Leë kol op band—Red.] . . . daar moet 'n egte godsdiens wees waarvanaf dit gemaak is. Presies reg. Elkeen van hulle het begin by Pinkster, maar hulle het net verskillende rigtings ingeslaan en die Woord verlaat.

125 En dis hoekom . . . Vandag, hoe kan ons verwag dat God ooit sal optree, en die kerk sal terugbring na 'n Pinkster-Ondervinding, wanneer ons die einste feit ontken dat Hy dit doen?

126 Soos ek al so dikwels gesê het: "Dis . . . Wat sal dit help om die kanarievoël goeie vitamien C te voer, om groot, sterk vlerke en goeie vere te maak, en hom dan in 'n kou te hou?" Sal glad nie help nie, sal dit? Beslis nie. As jy hom vitamiene gaan voer, en sy vlerke gaan sterk maak, laat hom net vry, laat hom vlieg. Dis wat ons moet doen. Ons het 'n bietjie kanarievoël-vlieg nodig. Dis reg. Laat vry, en daardie dinge wat ons van God glo, gebruik daardie geloof. Sekerlik, sekerlik. Ons glo dit. Moet Hom nie

beperk, sê: "Nee, dae van wonderwerke is verby," nie. Nee, dit is nie. Dis verby vir hulle wat glo dis verby, maar vir hulle wat van beter weet, is dit anders. Ja.

127 Kêrel het vir my gesê nie lank gelede nie, gesê: "Ek gee nie om wat jy sê, hoeveel mense jy wil bring nie," gesê: "Ek glo nogsteeds nie in Goddelike genesing nie. Nee, meneer."

128 Ek het gesê: "Beslis nie. Dit was nie vir ongelowiges nie, dit was net vir gelowiges." Dis al. Dis al. Dis net vir hulle wat glo, dis al.

129 Nou, ons vind nou dat, Jesus, gekom het om die Woord uit te beeld. Nou, dis Wat Hy gister was, dis Wat Hy vandag is, dis Wat Hy vir ewig sal wees: God se Woord wat bekend gemaak word. Is dit 'n beter woord? Dink daaraan, huh? God se Woord uitgebeeld, gewys dat Dit die Waarheid is. En alles wat God gesê het Hy sou doen, dit het Hy gedoen. Alles wat geskryf is in die Bybel wat Hy sou doen, Hy het dit, net presies gedoen, want Hy was die uitgebeelde Woord.

130 Wel, as Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, en al hierdie beloftes wat aan hierdie geslag gemaak is, waarom sou Hy nie vandag dieselfde wees om alles uit te beeld wat God se Woord belowe het nie? Sien? Dit moet wees, dis presies dieselfde, want Dit is wat Hy toe was, Dit is wat Hy nou is, Dit is wat Hy vir ewig sal wees: God se uitgebeelde Woord. Amen. Selfs in die groot Millennium sal Hy steeds God se uitgebeelde Woord wees. O, hoe dit ons geloof aan die brand behoort te steek, sien, om te weet dat dit daar is. En as Hy die Heilige Gees is om lig te gee vir daardie Woord . . .

131 Nou, die Woord is 'n Saad. Nou, die meeste van julle broers, wat hier is—is, reken ek, boer. En jy sit 'n saad in die grond, en die volgende oggend gaan jy uit en grawe dit op, en sê: "My mielie groei nog nie," sit dit terug, gooi dit toe. Die volgende oggend: "Ek . . . Weer gaan kyk of dit groei." Dit sal nooit so groei nie. Nee, nee. Elke keer wat jy dit opgrawe, vertraag jy dit. Is dit reg?

132 Wat doen jy? Jy weet die grond is gemaak om die mielie in te laat groei (Is dit reg?), of, die—of die—die saad. En jy plant die saad, vertrou dit toe aan die grond, en vergeet daarvan, God doen die res daarvan. Wel, dis hoe jy maak met die Woord van God, jy plant Dit net, grawe Dit nie op nie. Hou net aan om Dit te glo, en Dit aan God toe te vertrou, Hy laat Dit groei. Dis reg. Sien?

133 Enige belofte wat God maak, jy—jy plant dit net in jou hart en sê: "Dis myne, God het dit vir my gegee." Sien? Nou, jy mag dalk nie nou enige resultate sien nie. Jy het nooit jou mielie oeste gesien, sodra jy jou mielies geplant het nie, maar potensieel is dit daar. Solank as wat jy dit uitlos, en dit aanhou water gee, sal dit—sal dit groei. Moenie jou daaroor bekommer nie, dit sal groei, as dit 'n bevrugte saad is. En elke Woord van God word deur God Self bevrug. God is in die Woord, so Dit sal groei, jy weet Dit sal.

134 Daar het julle dit. Ons moet Sy Woord neem, Dit aanvaar, Dit glo, Dit toevertrou, en Dit groei. Dis reg. Maar moet Dit nou nie aanhou opgrawe nie, jy sal Dit ruïneer. Jy sal jou oes ruïneer elke keer wat jy dit doen. So vertrou dit net toe aan God en glo dit.

135 Nou, byvoorbeeld soos, sê byvoorbeeld, ek was hier bo-op die berg iewers, gestrand en ek het niks gehad om te eet nie. En voor ek enigiets kon kry om te eet . . . 'n Brood sou my lewe red, en die koopprys van 'n brood is, sê, vyf-en-twintig sent. Wel, ek sou sê . . .

Iemand kom in, en sê: "Wat makeer, Broer Branham?"

"Ek gaan dood van die honger, ek gaan sterf."

"Waarom?"

"Ek het nie brood nie."

Wel, jy sê: "Waarom kry jy nie brood nie?"

"Ek het geen geld nie."

"Wel, 'n brood is vyf-en-twintig sent werd."

"Ja, meneer, maar ek het nie vyf-en-twintig sent nie." Sien?

Wel, jy sou sê: "Hier, Broer Branham, vat hierdie vyf-en-twintig sent en kry vir jou 'n brood."

136 O goeiste, ek sou—ek sou net oral ronddans. Hoekom? Ek kan net so bly wees met 'n vyf-en-twintigsentstuk in my hand, om die brood mee te koop, as wat ek sou wees met die brood, want ek het die koopprys vir die brood.

137 Net soos, *daar* is die winkel, al wat ek moet doen, is om dit neer te sit, en die brood te kry. So ek kan net so bly wees met die vyf-en-twintigsentstuk in my hand as wat ek kan wees met die brood, want dis die koopkrag van die brood.

138 So wat is die bewys van jou genesing wanneer jy dit glo? Maak nie saak wat plaasvind nie, jy sê: "Ek voel nie beter nie, moenie . . ." *Moenie* het niks daarmee te doen nie. Jy het die koopkrag, jy glo dit. So begin net dans, sê: "Prys God, ek gaan gesond word, want ek het die koopkrag van daardie brood." Daar het julle dit. Sien?

139 Nou, daar's niemand wat jou kan genees nie, want jy's alreeds genees. Hoeveel weet dit? Die Bybel leer dit. Jy's alreeds genees: "Deur Sy wonde het daar vir jou genesing gekom." Sien? Nou, geen mens kan jou genees nie. En jy kan nie . . . As Jesus Self hier gestaan het, kon Hy jou nie genees nie, Hy het dit alreeds gedoen. Sien? Dis presies reg. Jy sou dit moes glo.

140 Nou, toe Hy gemanifesteer is en sien wat Hy gister was, kom ons neem dit net 'n bietjie verder. Nou, ons weet dat die profete van die Ou Testament, God altyd Sy volk Sy profete laat glo het. Ons weet dit, nie waar nie? Want die Bybel het gesê dat die Woord van God, die Woord nou wat God was, na die profete gekom het. Is dit reg? Die Woord van die Here het na die profete toe

gekom; Woord van die Here het na Jeremia toe gekom; Woord van die Here het na Moses toe gekom; die Woord van die Here het op verskillende maniere na die profete toe gekom, was die een wat die Woord van God gehad het. En hulle, deur Dit te hê, het hulle Dit gemanifesteer. Sien? Hulle het Dit gemanifesteer, want Dit het na hulle toe gekom. Hulle het Dit gehad, hulle het Dit gespreek, presies gesê wat sou gebeur, en dit het gebeur. En dis hoe hulle geweet het hulle was profete. Nou, begryp julle dit?

141 Sien? Die Woord het na die profeet toe gekom, gedeelte, nie alles Daarvan nie, net deel Daarvan sou na die profeet toe kom. En hy sou presies uitdruk wat die Woord was, en dit het presies gebeur soos hy dit gesê het.

142 En God het gesê: "As daar een onder julle is wat geestelik is en 'n profeet, sal Ek, die Here, Myself aan hom bekend maak in visioene, met hom praat deur drome. En as hierdie profeet profeteer, en wat hy sê gebeur, luister dan na daardie profeet, want Ek is met hom." Dis die Woord in hom. Begryp julle dit? "Maar as hy profeteer, en dit gebeur nie, moet dan nie na daardie profeet luister nie, want Ek is nie met hom nie."

143 Maar julle sien, as dit wel gebeur, dan bewys dit dat Dit God se Woord in die profeet is. Hy het dit gesê, en dit het gebeur. Nou, hulle moes altyd hulle profete glo.

144 Nou, in Deuteronomium, die 18de hoofstuk, Moses, wat die wet vir Israel gegee het, hy het gesê . . . het hulle van die eindtyd vertel. En hy het gesê: "Die Here julle God sal onder julle, uit julle broers, 'n Profeet soos ek oprig. En dit sal gebeur, dat wie ook al nie na daardie Profeet sal luister nie, afgesny sal word onder die volk." Nou, wat . . . Dan weet ons dat hy van die Messias gepraat het, want die heelpad deur, hulle het selfs vir Johannes gevra: "Is jy daardie Profeet? Is jy daardie Profeet?" Hulle het aanhou sê: "Is jy daardie Profeet?" Sien? Want hulle het geweet daardie Profeet sou kom.

145 Nou, die laaste profeet van die Ou Testament was Maleági, iets oor die vierhonderd jaar voor die Koms van Christus. Toe meteens, kom Christus op die toneel, en word Hy gedoop deur Johannes in die Jordaan. Die Vader kom af in die vorm van die Heilige Gees, gaan in Hom in. In die woestyn gaan Hy, om veertig dae versoek te word deur die duiwel, kom dan weer uit met Sy bediening. Kom ons kyk wat Hy nou was, sien? Nou sien ons wat Hy was. Wat Hy in die profete was, het ons uitgevind. Nou, gaan ons uitvind wat Hy is . . . wat Hy gister was, dan gaan ons, soos Paulus gesê het, vandag, dan vind ons uit wat Hy tot in ewigheid sal wees. Sien?

146 Nou, hier kom Hy uit. Die eerste ding wat ons Hom kry doen . . . Daar was 'n man met die naam van Simon, en hy het 'n broer gehad met die naam van Andréas. En Andréas het Johannes se diens bygewoon, en hy, Johannes, het gesê: "Daar

is die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem." En Andréas het saam met Hom gegaan, en hy was ten volle oortuig dat Dit die Messias was. So hy het gekom, vir sy vissermanbroer, Simon gesê, vir wie ons ken as Petrus, hom vertel, gesê: "Ek het die Messias gevind. Kom, sien Hom."

147 Nou ek kan my voorstel . . . Kom ons luister net in, sien wat Simon moes gedink het. Hy het gesê: "Nou, wag 'n oomblik hier. Nou, ek's 'n Bybelleser. My ou pappa het, voor hy gesterf het, het hy vir my gesê: 'Seun, daar gaan alles wees voor die Messias kom.'" Want daar's altyd 'n klomp valsheid wat opstaan om die—die regte teen te staan, ons weet dit, alle eeue. "Nou, hy het gesê: 'Nou, daar sal allerhande mense wees wat Messiasse wil wees.'" En dis Jesus, die Verlosser. "Gesê: 'Daar was baie van hulle wees,' maar gesê: 'jy moenie mislei word nie, bly by die Woord, want daardie Messias sal daardie Koning-Profeet wees. Julle sal Hom ken, want Hy sal die teken van 'n profeet doen. Sien? Want Moses, ons Skrif, het vir ons vertel dat die Messias wat opgerig sou word onder ons, 'n profeet soos hy sou wees. Die Woord van God sou met Hom wees, Hy sou die Woord van God manifesteer.'" Amen.

148 Begryp julle dit? Die Woord van die Here sou met Hom wees, want Hy sou 'n profeet wees, en Hy sou die—die Woord van die Here manifesteer.

149 Dis waarom Jesus gesê het: "Ondersoek die Skrifte, Daarin dink julle het julle die Ewige Lewe, en Hulle getuig van My. En as Ek nie daardie werke doen nie, moet My dan nie glo nie. Maar as julle My nie kan glo nie, wat 'n Mens is, glo die werke wat Ek doen, dat julle gered kan word." Sien? Perfek!

150 Nou, hulle het gesoek na hierdie Profeet om op te staan. En toe . . . Natuurlik het Andréas ingehardloop gekom, hom vertel. O, hy mag gedink het: "Andréas, jy het aan die diep kant afgegaan."

151 So, eendag, het hy afgestap om Jesus langs die strand te vind. En toe hy in Jesus se Teenwoordigheid instap, nou, onthou Simon, sy naam was toe Simon, maar toe hy in die Teenwoordigheid van Jesus ingestap het vir die eerste keer, Jesus het hom nog nooit gesien nie, hou Hom nou dop, sodra hy in Sy Teenwoordigheid ingestap het, het Jesus omgekyk na hom en gesê: "Jou naam is Simon en jy is die seun van Jona."

152 O, goeiste! Dit het hom gekry. O, Hy het nie net geweet wie hy was nie, maar Hy het daardie ou goddelike vader van hom geken. So daar was 'n Profeet, niemand kon dit ontken nie, daar was Hy, besig om net presies te doen. Hy het hom geken, en sy pappa geken. Hy het gesê: "Jou naam is Simon, jy is die seun van Jona. En Ek gaan jou noem . . . Van nou af, gaan Ek jou Petrus noem," wat "klippie, belydenis" beteken, omdat Petrus Hom bely het.

153 Nou, daar het een daar gestaan met die naam van—van Filippus, die een waarvan ons so pas gelees het wat hierdie man

na Jesus toe geneem het, hy het dit gesien en hy het gedink: "Sê, dit verseël dit, want die Bybel het gesê dat daardie Messias 'n profeet sou wees. En hier is Hy, ons sien Hom."

154 So hy het 'n vriend gehad saam met wie hy die Bybel bestudeer het, die ou boekrolle, en sy naam was Natánael. So van waar Jesus gepreek het, as julle ooit daar kom, is dit vyftien myl om die berg hier na waar Natánael gewoon het. So Filippus het weggetrek en hier rondom gehardloop, daardie dag. En die volgende oggend het hy vir Natánael in die tuin gekry, besig om te bid, en hy het gesê: "Kom, kyk vir Wie ons gevind het, Jesus van Násaret, die Seun van Josef."

155 Wel, hy . . . Hulle het die Skrifte saam bestudeer vandat hulle seuns was, na dieselfde kerk toe gegaan, en hy het gesê: "Nou, wag 'n bietjie hier, net 'n bietjie. Kan daar enigiets goeds uit Nasaret kom?"

Hy het gesê: "Kom, kyk."

"Kan iets soos Dit kom uit . . . ?"

156 Nou, dis 'n goeie—dis 'n goeie antwoord vir enigiemand: "Moenie by die huis bly en dit kritiseer nie. Kom, vind uit." Dit geld nog vir vandag. "Kom, sien vir jouself."

157 Hier gaan hulle om die draai, kom rondom, hy het gesê: "Nou, kyk. Onthou jy daardie ou man met die naam van Simon, wat nie sy naam kon skryf, toe jy . . . hy . . . het vis by jou gekoop, en jy kon nie jou gee . . . hy kon nie 'n kwitansie gee nie?"

"O, ja. Die seun van Jona?"

158 "Ja. Gister het hy voor die Messias gekom, soos ons Hom ken, Messias. Hy het Hom nog nooit in sy hele lewe gesien nie. En Hy het gesê: 'Kyk, jou naam is Simon en jy's die seun van Jona.' Nou kyk, ons ken albei die Skrifte. En vertel ons Bybel ons nie dat die Messias 'n profeet sou wees nie? En hier doen Hy dit."

159 Ag, Filippus kon dit nie glo nie, of, Natánael. So hy het in die Teenwoordigheid van Jesus gekom, en toe hy opgestap het in die Teenwoordigheid van Jesus, het Jesus reguit na hom gekyk en gesê: "Aanskou waarlik 'n Israeliet, in wie daar geen bedrog is nie!" met ander woorde, 'n regverdige man.

160 En dit het hom verstom, hy het gesê: "Rabbi," wat "leraar" beteken, "Rabbi, wanneer het U my ooit geken? U het my nog nooit gesien nie. Wel, ek—ek's van 'n ander deel van die land, ek het so pas hier ingekom. U het my nog nooit gesien nie, hoe weet U ek is 'n regverdige man?"

Hy het gesê: "Voordat Filippus jou geroep het, toe jy onder die boom was, het Ek jou gesien." Watter oë!

161 Weet julle wat daardie Bybelstudent gesê het? Hy het gesê: "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel." Hoekom? Hy het gesien Hy was die presiese manifestasie van

God se Woord. Vierhonderd jaar sonder 'n profeet en hier het Hy gestaan, presies wat die Bybel gesê het Hy sou doen. "Rabbi, Leraar, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel."

Jesus het gesê: "Glo jy omdat Ek dit vir jou vertel het? Kom dan, volg My, jy sal groter as hierdie sien, jy sien."

Goed. O, dit was Jesus gister.

162 Nou, daar's net drie rasse mense in die hele wêreld, as ons die Bybel glo. O, ek weet hulle sê daar's baie, maar kyk, ons het almal gekom van, na die sondvloed vernietiging, toe die wêreld met water verwoes is, glo ons dit as Christene, Noag het drie seuns gehad, Gam, Sem, en Jafet, en ons kom almal van daardie drie seuns af, moes.

163 En nou, as julle oplet, Petrus is die sleutels van die Koninkryk gegee, en dit was Jood, Heiden, en Samaritaan. Nou, Petrus het die sleutels van die Koninkryk gehad. Op die dag van Pinkster, het hy die Evangelie oopgemaak vir die Jode, Handelinge 7, hy het dit oopgemaak vir die Samaritane, Filippus het afgegaan en vir die Samaritane gepreek, hulle was net nie. . . het geglo, was net gedoop in die Naam van Jesus Christus, en hy het afgegaan en hande op hulle gelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang. Toe in Handelinge 10:49, het hy die Evangelie oopgemaak vir die Heidene by Cornelius se huis. Sien? Daar's Gam, Sem, en Jafet se mense. Begryp dit? Die drie rasse.

164 Nou, daar was twee rasse van hulle wat gesoek het na 'n Messias, dit was die Jood en die Samaritaan. Maar ons Anglo-Sakse, Heidene, ons het afgode aanbid, knuppel op ons rug, en ons het afgode aanbid, ons het na geen Messias gesoek nie. En Hy het dit nooit voor enige Messias gedoen nie, uh, nee, daardie teken voor enige Heiden nie, nooit, dis nie in die Woord geskryf nie. Maar kyk, dit was Sy teken wat bewys het Hy was die Messias.

165 Kyk na hierdie stoere Jode, Petrus, en (Wie anders kan ons nog sê?) baie van hulle, die vrou met die bloedvloeïng wat Sy kleed aangeraak het, Saggeüs, bo in die boom, blinde Bartimeüs, sy geloof het Hom gestop, en Hy het omgedraai, al daardie stoere Jode. Hy het gewys dat Hy die Messias was deur die Profeet te wees wat Homself gemanifesteer het.

166 Nou, nou, ons vind uit. . . Ons neem daardie twee. Ons gaan net neem. . . nou, ons gaan los. . . ons kom môre-aand terug, tel nog 'n paar Jode op. Maar nou, vanaand, gaan ons aan na 'n Heiden, of, na 'n Samaritaan, daar's nog 'n ras wat soek na 'n Messias. Nou, wanneer Hy op aarde is, moet Hy Homself manifesteer aan wie na Hom soek, moet.

167 Let op. Nou, hier het Hy Homself bekend gemaak aan die Jode, waardeur? Die verborgenhede van hulle hart te spreek, vir hulle te sê wat hulle gedoen het, ensovoorts, ons weet dit. Nou, het dit bewys Hy was die Woord? Hoeveel glo dit?

168 Nou, julle wat Skrifte neerskryf, skryf hierdie neer. Hebreërs, die 4de hoofstuk, omtrent die 12de vers, het dit gesê: "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, wat deurdring tot die skeiding van die been en die murg, en is 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart." Is dit reg, broers? Die Woord van God onderskei die gedagtes wat in hulle harte is. Hy het na hulle gekyk en hulle gedagtes onderskei. Is dit reg? Wat was dit? Dit was die Woord. "Die Woord van God is skerper as 'n tweesnydende swaard, en 'n Onderskeier van die gedagtes van die hart." Dis waarom hulle geweet het Hy was die manifestasie van God se Woord; dit was Jesus gister.

169 Nou, Hy was op Sy pad daaronder na Jerigo. Jerusalem sit op die heuwel, Jerigo sit in 'n vallei. Hy was op pad na Jerigo, maar Hy moes Samaria langs gaan, nou, dis 'n—'n stad van Sigar. Hy het gestop, Hy het Sy dissipels ingestuur om iets te kry om te eet, moes omtrent middag gewees het.

170 Terwyl hulle weg was, het daar 'n mooi vrou daar uitgekom, sy het 'n slegte reputasie gehad, ons weet wat jy daar bedoel, die rooi-lig soort, maar sy mag 'n pragtige meisie gewees het. Sonder twyfel dat sy 'n lieflike meisie was, maar miskien het sy iets gehad wat dit veroorsaak het, miskien het haar ma haar uitgesit op die straat toe sy nog 'n kind was.

171 Julle weet, ons praat so baie in Amerika van jeugmisdaad, dit is nie jeugmisdaad nie, dis ouermisdaad. Partymaal kies 'n meisie die verkeerde pad omdat haar moeder haar nie die regte ding laat doen nie. Dis presies reg. So baiekeer is dit die ouers se fout, nie kinders, 'n jeugmisdaad nie.

172 So ons vind hierdie jong meisie, sy kom uit, sy's 'n jong vrou, waarskynlik in haar vroeë twintigs. Sy het uitgekom. . . Nou, ek was al in die ooste, ek ken die gebruike, dit verander nooit. Nou, die rede waarom sy nie vroeg, saam met die maagde, na die put toe gegaan het, om water te kry nie, sy was nie toegelaat nie, hulle meng nie, en so, moes sy later uitgaan; so hier het sy uitgekom amper omtrent twaalfuur.

173 En julle moet sien hoe hulle water dra. Hulle het 'n yslike groot. . . Dis nie, is nie 'n emmer nie, dis 'n—dis 'n kleipot. Dis 'n. . . bevat omtrent drie gelling, reken ek, en dit het handvatsels daaraan. En dan, het hulle 'n put met 'n slinger, en hulle neem hierdie hakke en haak dit in hierdie groot kruike, en laat dit sak, en maak dit vol water, en draai dit op.

174 En ek het jong meisies gesien, nee, wel, net jong meisies wat sit en een van daardie groot kruike water bo-op haar kop sit, een op elke skouer, en 'n hele klomp van hulle wat loop en praat, hulle koppe skud, met mekaar praat, nooit 'n druppel mors nie, nooit nie. Hoe hulle dit doen, weet ek nie. Hulle doen dit nogsteeds, praat, soos net dames kan, julle weet. So hulle gaan daar aan en

voer 'n gesprek en mors nooit eens 'n bietjie water nie, en hulle doen dit nogsteeds.

175 Nou, sy het uitgekom om haar pot water te kry, en sy het begin om dit te laat afsak. Nou, daardie put, dit staan steeds daar, dis net . . . dis die een wat Jakob vir sy seun, Josef, gegee het. En so, dit was 'n klein panoramatjie, omtrent soos hierdie platvorm hierbo. En hierdie . . . En daar's 'n muur rondom, en dan die openbare put daar waar die mense drink. So sy het begin om die emmer te laat insak, of, die pot, en sy het Iemand hoor sê: "Vrou, bring vir My water om te drink." En sy het omgedraai en gekyk.

176 Nou, Hy was maar net, omtrent, drie-en-dertig jaar oud, maar Hy het gelyk soos oor die vyftig. Weet julle die Bybel het dit gesê? Um-hum. In Johannes 6 toe Hy gesê het: "Ek is die Brood van die Lewe wat van God in die Hemel af kom. Julle vaders het manna in die woestyn geëet en is dood." Hy het gesê: "Maar Ek is die Brood van die Lewe wat van God uit die Hemel kom. As iemand hierdie Brood eet, sal hy nooit sterf nie." O, hulle het aangehou bespreek vir 'n rukkie.

177 En so, toe hulle . . . Hy het gesê . . . Hy het vir hulle vertel. Gesê dat: "Jy sê jy is, het vir Abraham gesien, wanneer jy nie eens ouer as vyftig jaar oud is nie?" Hy was net dertig, maar Sy werk moes Hom laat lyk het soos vyftig. "U is 'n man nie oor vyftig jaar oud nie, en sê jy het vir Abraham gesien?" Gesê: "Nou, weet ons jy het 'n duiwel, en dat jy mal, kranksinnig is." Sien?

Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK." Dit het dit afgehandel.

En hier was Hy nou, omtrent, 'n—'n—'n jong Jood wat daar oorkant sit wat net dophou. En so, het Hy gesê: "Bring vir My water om te drink."

178 En sy het gesê: "Dis nie gebruiklik nie," hulle het toe skeiding gehad soos ons altyd in die suide gehad het, julle weet, tussen die gekleurdes en wittes. Gesê: "Dis nie gebruiklik vir jou, wat 'n Jood is, om vir my, 'n Samaritaanse vrou, te vra om . . . vir enigiets nie," gesê: "ons het niks met mekaar te doen nie."

Hy het gesê: "Vrou, as jy geweet het met Wie jy praat, sou jy vir My water gevra het om te drink, en Ek gee vir jou Water wat jy nie hiernatoe kom om te skep nie."

Sy het gesê: "Die put is diep," sien, steeds die vleeslike denke. "Die put is diep," en gesê: "jy het niks om mee te skep nie."

Hy het gesê: "Die Water wat Ek gee, is ewigdurende Lewe, wat opspring."

179 Hulle het die . . . ? . . . Wat het Hy gedoen? Hy het kontak gemaak met haar gees. Sien? Kontak gemaak. Toe Hy gevind het wat haar probleem was . . . Hoeveel weet wat haar probleem was?

Sy het vyf mans gehad, sy het saam met haar sesde een gelewe. Hy het gesê: "Vrou, gaan haal jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Gesê: "Jy het die waarheid vertel." Gesê: "Jy het vyf. . . vyf gehad, en die een met wie jy nou saamlewe, is nie joune nie, daaroor het jy die waarheid gepraat."

180 Nou, kyk, toe Hy dit voor daardie Jode gedoen het, het daardie Jode gesê, daardie groot hoëpriesters, en leraars van daardie dae, gesê: "Ahem." Hulle moes hulle kerk antwoord. Dit is gedoen, so hulle moes vir hulle gemeente iets vertel, hulle kon nie daarby verbykom nie, want hulle moes die saak trotseer.

181 So hy het gesê: "Ahem." Gesê: "Hierdie man is Beëlsebub, die prins van die duiwels," 'n fortuinverteller, met ander woorde. Gesê: "Hy is 'n fortuinverteller." En enigiemand weet 'n fortuinverteller is van die duiwel. So hy het gesê—gesê: "Hy is Beëlsebub, die fortuinverteller." Goed.

182 En toe hy dit gedoen het, het Hy omgedraai, na daardie Jode gekyk, Hy het gesê: "Ek sal julle vergewe, Ek, die Seun van die mens, sal julle vergewe dat julle dit gesê het, die Woord van God gelaster het. Maar," gesê: "eendag," met ander woorde: "kom die Heilige Gees om dieselfde werk te doen, en een woord Daarteen sal 'n mens nooit vergewe word in hierdie wêreld, of in die wêreld wat sal kom nie."

183 So julle sien waar dit ons plaas. Een woord Daarteen sal nooit vergewe word nie. Dis om die Heilige Gees te laster. Toe hulle Hom daar sien staan het met die. . . Hy was die Woord, en die Woord het Ditself uitgedruk net soos die Bybel gesê het, en hulle het gesê: "Hy is 'n fortuinverteller." En julle weet wat met hulle gebeur het, elkeen van hulle het verlore gegaan. Presies.

Nou, hier staan Hy by hierdie vrou, en Hy het gesê: "Gaan, haal jou man."

Sy het gesê: "Ek het nie een nie."

Hy het gesê: "Jy het reg gesê. Jy het vyf gehad, en die een met wie jy nou saamlewe is nie joune nie."

184 Sy. . . Wat? Kyk na hierdie klein prostituut, Sy het omgedraai, en sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is." Wat 'n verskil! Daardie vrou het meer van God af geweet as die helfte van die predikers in die Verenigde State, dis reg, in haar toestand.

185 Kyk, sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ons," die Samaritane: "ons weet dat die Messias kom, wat die Christus genoem word. En wanneer Hy kom, sal dit Sy teken wees." O, goeiste! Dis wat Hy gister was. Sien? Sien? "Ons weet dat Messias, wat Christus genoem word, wanneer Hy kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel. Wie is U?"

En Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

186 En wat het sy gedoen? Sy het die waterpot gelos, sy het in die stad ingehardloop, en sy het gesê: "Kom, sien 'n Man wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is dit nie die einste Messias nie?"

187 En die mense in die stad het in Hom geglo omdat die vrou gesê het Hy het haar vertel was sy gedoen het. Is dit reg? Wel, dit was Jesus gister. Nou, dit was nie Sy kleredrag nie, hulle het almal dieselfde aangetrek. Was nie die manier wat Hy Sy baard gedra het, of Sy hare gekam het nie, hulle het dit almal dieselfde gedra. Maar dit was die manifestasie van God se Woord in Hom, wat die gedagtes van die hart onderskei het. Hoeveel glo dit?

188 Wel, dit is Jesus gister; dit sou Jesus vandag wees, sou dit nie? Dieselfde Jesus, dieselfde Jesus wat by Moses was, Moses het Egipte verlaat, deur die smaad van Christus groter rykdom te ag as dié van Egipte. Dit was Jesus gister. Paulus het gesê: "Hy is dieselfde vandag en sal tot in ewigheid wees." Waarom is dit? Jesus is die Woord, die Manifestasie van die Woord, die Woord wat vlees geword het.

189 Nou, ter afsluiting mag ek hierdie sê. Ons kan heelnag lank hier staan, maar ons sal nooit aan die einde daarvan kom nie, want dis net die hele Bybel, wat net daar omring word. Sien? Nou, onthou. Dit was die einde van die Joodse bedeling, en die—en die Samaritane, dit—dit het hulle beëindig.

190 Nou, daar's drie, dit was Gam en Sem se mense. Nou, wat van Jafet se mense, hierdie mense, die Heiden? Nou, ons het nie na enige Messias gesoek nie. En hulle het vierduisend jaar gehad om te glo Hy sou kom. En toe Hy gekom het, het hulle Hom nie geglo nie. En Hy het die Messiaanse teken gedoen om te bewys dat Hy Messias was, en daardie Jode wat verordineer was tot die Lewe, het dit geglo.

191 Kyk na daardie klein prostituut. Wel, sy sou uit hulle kerke uit weggebly het, waarskynlik formeel, koud, en styf, het haar glad nie gehelp nie. Maar dis. . . sy was voorbestem tot Ewige Lewe. En sodra daardie ding gedoen is, het sy dit vinnig herken. Wat was dit? Daardie Lig. . . Daardie Saad het uitgebreek in Lewe. Ja. "Almal wat die Vader My gegee het, sal kom. En niemand kan kom tensy My Vader hom nie eers trek nie." Amen. Daar het julle dit.

192 En sodra daardie Lig geflits het, wat het sy gesê? Gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet Messias kom om hierdie ding te doen. En wanneer Hy kom. . . "

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

193 Nou, dit was nie reg van haar om in die stad in te gaan nie, maar probeer haar nou stop. Maak nie saak wat sy was nie, probeer haar maar net stop. Dis om 'n huis te blus, en wat aan

die brand is op 'n winderige dag. O, sy het 'n getuienis gehad. Sy het die Woord geken, en sy het gesê: "Daar is die Messias daar, Hy het vir my die dinge vertel wat ek gedoen het. Ondersoek die Skrifte. Is Dit nie die einste Messias nie?"

194 En die manne het gesê: "Dis reg," en hulle het in Hom geglo. Hy het dit nie weer gedoen nie, Hy het dit net met daardie een vrou gedoen, haar dit gewys. En al die manne van die stad het geglo in Jesus, omdat die vrou so gesê het. O, goeiste!

195 Nou, Hy het nie enige wonderwerke daar gedoen nie. Hy het weggestap, want Hy het geweet Filippus sou direk na Hom afkom om die wonderwerke te kom doen. Julle sien? So Hy het dit net gelos, weggestap. Hulle het geweet dit was Messias. Dit was genoeg. Die wonderwerke sou plaasvind solank as wat jy die Messias herken.

196 Nou, kyk. Nou, ons het tweeduisend jaar van teologie gehad, soos die Jode vierduisend jaar gehad het. God, uit die Heidene, sal 'n—'n volk vir Sy Naam neem. Glo julle dit? Goed.

197 Nou, glo julle ons is by die aandtyd? Nou, kyk wat Jesus hier oorkant gesê het. Ek gaan aanhaal uit julle. . . uit Lukas 17:28. Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom," nou, ek sluit af, "in die dae van Sodom, so sal dit wees by die Koms van die Seun van die mens." Hoeveel het dit ooit gelees? "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees wanneer die Seun van die mens kom." Nou, dit kan nie—dit kan nie faal nie, Hy het dit gesê. Sien? Nou, let op.

198 Nou, Hy het voortgegaan en van Noag vertel, hoe hulle geeët, gedrink, getrou, in die huwelik uitgegee is, die onsedelikheid daarvan. En toe gesê: "Net so, soos dit was in die dae van Sodom, sal dit wees by Sy Koms."

199 Let op. In die dae van Sodom. . . Nou, wag. Daar was 'n man wat geroep was deur uitverkiesing, Abraham. Hy was net 'n gewone man, God het hom geroep toe hy vyf-en-sestig jaar oud was, en. . . hy was vyf-en-sewentig, en sy vrou was vyf-en-sestig, en vir hom gesê hulle gaan 'n baba kry. En hy het daardie Woord geglo vir vyf-en-twintig jaar, en hy was 'n honderd, en sy vrou was negentig, en die baba het gekom.

200 Wens ek het tyd gehad om deur daardie studie te gaan met julle vir omtrent 'n week hier. O, goeiste! Ek glo daardie Indiaanse geloof sou regdeur die bokant van die tabernakel daar gaan, sien, om daardie uit te lê.

201 Ek het so pas deur Grass Valley gekom daaronder by. . . O, goeiste! En in Grass Valley, waar die bandopnames en dinge gespeel is, voor ek gekom het, en ek het dit geneem, ek het nie vir enigiemand gebid nie, dit net uitgelos, en dit geneem en daardie Abraham se Saad neergelê, en Abraham se geloof, en Abraham se Saad. . .

202 Nie net het God vir Abraham belowe nie, maar vir sy Saad na hom. En ons is Abraham se Saad, en ons is in Christus, ons is die Koninklike Saad van die belofte. En wat het Abraham gedoen? "Daardie dinge wat nie was nie, genoem asof hulle was, want God het so gesê." Goeiste! Ek kan sien, toe God hom vertel het, gesê het: "Abraham, jy gaan 'n baba by jou vrou hê."

203 Nou, onthou, vyf-en-sestig is sy omtrent vyftien, twintig jaar verby menopouse, verandering van die lewe. Sien? Nou, hy het saam met haar gelewe vandat sy agtien jaar oud was, daar was geen baba nie. Sy was steriel. . . Sy was onvrugbaar, hy was steriel, geen baba nie, en tog, het God gesê: "Jy gaan dit kry." En: "Abraham het nie aan die belofte van God getwyfel deur ongeloof nie, maar was sterk, en het God geprys." Dis reg.

204 Wat van sy kinders? Dit was die natuurlike saad. Wat van die Koninklike Saad deur Christus, deur dieselfde geloof wat hy ontvang het om hom mee te kry? Amen. O, goeiste! Dit sal julle ver verby die maan, en sterre dra, en jou laat opgaan met die Melk Wit Weg, ja, meneer, verby Jupiter, Venus, en Mars, en aangaan, met daardie geloof, julle sien, Abraham se geloof. Let op.

205 Ek kan vir Abraham sien sê, tuiskom uit die veld, sê: "Skat, maak gereed, ons gaan 'n baba kry." Kan julle julle 'n ou man voorstel, vyf-en-sewentig jaar oud, sy vrou vyf-en-sestig, wat afgaan na die dokter toe, sê: "Dok, ek sê jou wat, maak gereed, ons gaan 'n baba kry. Ons wil 'n hospitaalkamer gereed kry."

Die dokter sou sê: "O, o. Ja, meneer. Uh-huh," en dadelik die polisie bel om hom op te laai, hy's van sy kop af. Julle sien? Sien?

206 Enigiemand, wat die Woord van God neem, die Woord van God glo, word as 'n bietjie mal bestempel, julle weet. Hulle is, want hulle het die verstand van die wêreld verloor, hulle het die verstand van God. Sien?

207 "Kry dinge gereed." Wel, toe, het die eerste agt-en-twintig dae verbygegaan, en nou, hoe Saratjie die babakousies gereed gemaak het, en al die babakousies gereedgekry het, en die voëlogie-materiaal, en die spelde, en alles, gereed gemaak het. So gaan die baba kry, seker soos die wêreld, en toe het agt-en-twintig dae verbygegaan.

Gesê: "Hoe voel jy, skat?"

"Niks anders nie."

"Glorie aan God, jy gaan in elk geval die baba kry."

Nou. . . ?. . . hulle sê: "A! Ek het gedink jy sou dit nie kry nie."

208 God het gesê: "Skei jou van daardie ongelowiges. Kom hier oor na 'n ander land toe, wandel saam met My." O, goeiste! "Kom weg van daardie ou ongelowiges af, hulle sal—hulle sal jou seermaak. Kom uit onder hulle." Dis reg. Kom weg van hulle af, hulle wil nie glo nie.

Eerste—eerste jaar het verbygegaan, Abraham het nadergestap en gesê: "Sara, skat, hoe voel jy?"

"Niks anders nie, liefling."

"Glorie aan God, die baba is 'n jaar meer van 'n wonderwerk. Halleluja! Ons gaan dit in elk geval kry. Hou die babakousies gereed."

Wel, omtrent tien, vyftien jaar, miskien twintig jaar het verbygegaan, sy het gesê: "Abraham, skat, hierdie babakousies raak nou soort van oud."

"Brei vir jou 'n paar nuwes. Halleluja! Gaan dit in elk geval kry."

"Wel, maar, Abraham, ek voel niks anders nie."

"Dis niks wat jy voel nie, God het so gesê, dit handel dit af. Gaan dit in elk geval kry, God het so gesê." O, broer. O, goeiste!

Nou, hy's 'n honderd jaar oud, o goeiste, en Sara is negentig, klein oumatjie, julle weet. "Hoe voel jy, skat?"

"Niks anders nie, skat."

"Halleluja! Ons gaan dit in elk geval kry."

209 Kyk wat God vir hom gedoen het, Hy het hom verander, hom weer 'n jong man gemaak, vir haar ook. Hy het, beslis. Absoluut. As dit nie reg is nie, toe hulle afgegaan het na Gerar, waarom het, koning verlief geraak op daardie oumatjie? Gesoek na 'n liefling vir homself, en gesê, die mooiste dingetjie wat hy nog ooit gesien het, gesê: "Jy is so mooi om na te kyk." Klein oumatjie? Nee, sy het terug verander na 'n jong vrou, wat presies wys wat God gaan doen met elkeen van Abraham se Sade. Halleluja! Elke man en vrou, maak nie saak wat jou ouderdom is, en hoe oud jy is nie, God sal jou een of ander tyd weer terugverander na 'n jong man en 'n jong vrou, tot die eer van God, want jy's die Saad van Abraham. O, goeiste. Hoe ek daarvan hou.

210 Nou, let op, Hy het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom. . . " Nou, ons sien Abraham opkom na Sodom, God het met hom gewerk deur die jare met allerhande soorte van tekens en wonders, maar wag nou, net soos Hy het met Abraham se Saad.

211 Ons het—ons was nou Pinkster vir vyftig jaar, ons het praat in tale gesien, uitleg van tale, ons het Goddelike genesing, tekens, en alles gesien. Maar nou, wag 'n oomblik, Sodom is gereed om verbrand te word, nie Noag se vloed nou nie, hierdie is Sodom, het Hy gesê.

212 En kyk na die onsedelike toename in die wêreld in die laaste paar jaar, veertig jaar, of iets. Kyk hoe dit toeneem by die dag, by die uur. Oor Hollywood gegaan nou die dag, ek het, of, 'n tyd gelede, het ek 'n vliegtuig gehad, en gelees waar homoseksueles toegeneem het in Los Angeles, of, in Kalifornië toegeneem het

met dertig persent teenoor verlede jaar. Sien? Verdraaidheid, net presies soos Sodom. Die hele wêreld het in daardie rigting gedraai, hierdie Weskus, waar die ooste en weste hier ontmoet het. Sien? Dis reg.

So nou sien ons ons is by die laaste dae, soos Abraham, sy Koninklike Saad opgekom het tot by die laaste dae, soos Abraham self opgekom het by die laaste dae.

213 Nou, onthou, daar's altyd drie klasse mense, en hier gaan ek hulle noem, dit is gelowiges, skyngelowiges, en ongelowiges, hulle is in elke skare. So jy—jy het hulle. So daar was hulle, hier was Abraham, die uitgeroepte en uitverkore Kerk; Lot, die koue, formele kerk, onder in Sodom, saam met die Sodomiete.

214 En een dag, toe die uur net omtrent gereed was vir die verbranding van die aarde op daardie tyd, het Abraham onder sy eikeboom gesit. Nou, luister baie goed, moenie hierdie mis nie. Nou, Jesus het gesê dit sou herhaal in die eindtyd, net voor Hy kom.

215 Nou, daar het drie Engele aangekom, en Een van hulle was God. So Hy het gaan sit by Abraham, en twee van hulle het afgegaan in Sodom en die Evangelie aan hulle verkondig. Is dit reg? 'n Moderne Billy Graham aan die normale kerk wat in Sodom is, groot manne soos daardie, Oral Roberts, wat soontoe gaan, om te doen. . . Hulle het nie veel van 'n wonderwerk gedoen nie, nie te veel nie. Hulle het iets gedoen, hulle verblind, die preek van die Evangelie slaan. . . Daar was hulle in daardie denominasionele sfeer, afgegaan soontoe en die Evangelie verkondig. Billy Graham daardie groot, magtige evangelis aan die Baptiste en Presbiteriane, o, hy lê die reël neer vir hulle. Maar julle sien, hy het vir hulle gepreek, hulle uitgeroep.

216 Maar daar was Een wat agtergebly het by Abraham, en Hy het vir Abraham 'n teken gegee. Nou, luister baie goed. Net 'n dag vantevore, was sy naam Abram, en haar naam was S-a-r-a-i, Sarai. En Hy het sy naam verander van Abram na Abraham, vader van nasies; h-a-m, A-b-e-r-h-a-m, sewe letters, A-b-e-r-h-a-m, Abraham. Nou, Hy het Sara se naam verander van S-a-r-a-i na S-a-r-a, prinses.

217 Nou, die Engele wat—wat daaronder ingegaan het, het afgegaan en die Evangelie verkondig, en vir hulle gesê om: "Uit te kom—uit te kom uit daardie gemors uit daaronder, onder dit uit te kom." En is dit nie wat Billy Graham, en daardie groot, Jack Shuler, en daardie kêrels vandag, uit Babilon uitroep wêreldwyd nie? Maar die Engel wat by die Kerk gebly het wat nooit in Sodom was nie, kyk wat Hy gedoen het vir 'n teken.

218 Nou, Sara was nie soos die moderne vroue van vandag nie. Uh-uh. Sy het in die tent gesit. So hierdie Engel het vir Abraham gesê, Hy het gesê: "Abraham," nie Abram nie: "Abraham," Hoe

het Hy geweet sy naam was nou Abraham? "waar is jou vrou," S-a-r-a: "Sara?" Hoe het Hy geweet hy was getroud? Hoe, het Hy geweet sy naam was Abraham, wanneer dit Abram was? Hoe het Hy geweet Sara, sy vrou (was Sarai), was Sara?

"Abraham, waar is jou vrou, Sara?"

Abraham het na Hom gekyk, gesê: "Wel, sy is in die tent agter U."

219 Hy het gesê: "Abraham, Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe. Ek," weer daardie persoonlike voornaamwoord, die einste Een, hom die naam gegee het. Sien? "Ek gaan jou besoek volgens die tyd van die lewe."

220 En Sara, in die tent agter die Man, het gesê: "Ek, 'n ou vrou? Wel," gesê: "ek het nie wellus gehad met my heer," haar man daar, "vir, miskien was dit twintig jaar, nie." Gesê: "Ek 'n ou vrou, en my heer ook oud? Ons weer wellus hê soos jong mense?" En sy het, wat ons noem, in haar mou gelag, soort van by haarself.

En die Engel het gesê: "Waarom het Sara gelag?" Sjoe! Haar doodbang gemaak. Wat was dit?

221 Nou, wat was dit? En daardie Man wat met Abraham gepraat het, Abraham het Hom God genoem, hoofletter H-e-r-e. En enige Bybelstudent weet dat Dit die—die Selfbestaande Een, Elohim is, sien, die Selfbestaande God.

'n Sekere man het vir my gesê, gesê: "Jy glo nie dalk dit was God nie?"

222 Ek het gesê: "Die Bybel het gesê Dit was God." Ek het gesê: "Wel, wat is dit vir God?" Ek het gesê: "Ons is gemaak van sestien elemente, dis kalsium, kalium, en petroleum, en kosmiese lig."

223 God het net uitgestrek en 'n handvol van daardie elemente van die wêreld geneem, gesê: "Whew! Stap daar in, Gabriël, ons gaan af na Sodom." Uitgestrek en nog 'n handvol gekry: "Whew! Stap daar in, Migael," en: "Whew!" Self daar ingestap. Wel, Hy het! Hy het geëet, Hy het geëet die—Hy het die kalf geëet wat Abraham doodgemaak het (Is dit reg?), die melk gedrink, en 'n bietjie mieliebrood geëet, en die botter geëet. Dis reg. God! Wel, ek—ek's bly. Dis niks vir God nie, jy vergeet net Wie Hy is. Ek's so bly.

224 Ek het net omtrent vier of vyf hare oor, julle weet, en nou die dag het ek daardie vier of vyf hare gekam, en my vrou het vir my gesê, sy het gesê: "Billy, jy word bles."

Ek het gesê: "Maar ek het nie een van hulle verloor nie."

Sy het gesê: "Wat?"

Ek het gesê: "Ek het nie een van hulle verloor nie."

Sy het gesê: "Dan vra ek jou, sê my waar hulle is."

225 Ek het gesê: "Goed, liefling, ek sal. Sê jy vir my waar hulle was voor ek hulle gekry het, hulle wag daar vir my om na hulle toe te kom." Daar is dit. Dis reg.

226 Hy het gesê: "Elke haar op jou hoof is getel. Niks sal verlore gaan nie. Ek sal dit weer oprig in die laaste dae." Hy wat dit nou vir my gegee het, kan Hy dit nie weer teruggee met 'n belofte nie? As Hy my kan maak wat ek is sonder 'n keuse, hoeveel te meer kan Hy my weer terugmaak met 'n keuse, deur Hom aan te neem? Amen.

227 O, ek voel nou godsdienstig, ja, meneer, om te weet dat daar 'n opstanding kom, en ons weer herstel sal word soos wat Hy vir Abraham daarin gewys het. Let op. Nou, Jesus het gesê dit was—dit was God gemanifesteer in 'n menslike vlees.

228 Ek wil vir julle iets vra. Is dit nie vreemd nie, vir daardie nominale kerk daarbuite, het ons nog nooit, in al die eeue, het ons nog nooit ooit 'n man gehad, 'n prediker, in daardie kerke wat sy naam geëindig het met 'n h-a-m tot vandag nie? H-a-m. Julle weet dit, reg? Ons het 'n Moody, 'n Sankey, Billy Sunday, en 'n Knox, Calvyn, Spurgeon gehad. Regdeur, ons het allerhande manne gehad, maar nooit een wat geëindig het met h-a-m, G-r-a-h-a-m, na die kerk onder in Sodom nie. G-r-a-h-a-m, die boodskapper na die kerk in Sodom, wat presies die Boodskap wys wat was. . .hulle toe het. En het Jesus nie gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom. . . " nie? Daar's Billy Graham, G-r-a-h-a-m, daarbuite op die veld.

229 Nou, Hy stuur 'n boodskapper na die uitverkore Kerk, die Pinksteruitverkorenes, die uitgetrektes, nie daarbuite in die nominale kerk nie, maar die uitverkore Kerk. En die Kerk in Ditself is die Heilige Gees wat in die Kerk beweeg, is wat die werke doen. Dit was nie daardie liggaam van vlees nie, dit het waarskynlik verdwyn. Maar dit was God in daardie vlees, wat gewys het dat God weer sou woon in die verloste vlees van Sy Kerk in die laaste dae en dieselfde teken sou doen: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Halleluja! Daar het julle dit, Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid. "Menere, ons wil Jesus graag sien."

230 O, sekerlik. Wat sou jy sien? Die manifestasie van die Woord. "En die Woord is skerper as 'n tweesnydende swaard, wat selfs deurdring tot die skeiding van die been, en 'n Onderskeier van die gedagtes en oorlegginge van die hart." Vriende, dit was Jesus gister. En as die Woord weer vandag gemanifesteer word, sou dit nie Jesus vandag wees nie? Sou dit dieselfde gister wees. . .? Hoeveel glo dit? Kom ons bid.

231 Hemelse Vader, U groot, deurligtige Teenwoordigheid is hierbinne wat U kinders gelukkig maak, wat die olie van geloof uitstort in hulle hart, om die seëninge van God te ontvang wat

weggelê is vir hulle. Nou, U Naam is oor ons uitgeroep, en U het gesê as ons sou vergader en bid, dat U uit die Hemel sou hoor, die land genees. En hier is ons, vanaand, ver hierbo, aan die einde van die paaie, hierbuite op die eilande, ver verby die Weskus, ver agter. En U het gesê. . . die profeet het gesê: "Dit sou Lig word in die aandtyd."

232 In hierdie gebou, vanaand, sit die Indiane wat U hier geplaas het, en die geheim is by U, hoe U hulle hier gekry het, maar U het hulle hiernatoe gebring. Ons is reg by die grens van die waters. En ons sien die boodskapper wat na die geroepte Saad van Abraham toe gegaan het, die kerk posisioneel, wat daar uitgegaan het in Babilon, sy teken daarbuite wys.

233 O, Here, ons bid, vanaand, dat in Jesus' Naam dat U hierdie groepie mense sal laat weet dat U nie dood is nie, U het opgestaan uit die dood, en tweeduisend jaar van kritiek kon nie van U ontslae raak nie. U is steeds hier, wat bewys dat U dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid.

234 Hemelse Vader, 'n pragtige groep mense hier, hulle het in hierdie warm gebou gesit, en, beloon hulle nou, Here, en ek kyk met kinderlike verwagting, met 'n hart soos 'n kind naby Kerstyd, wat wag. Ooit. . . Al hierdie jare, Here, het U ons nog nooit gefaal nie, maar tog, spring my hart elke keer wat ek dink aan U wat in ons Teenwoordigheid inkom, of ons in U Teenwoordigheid in. Nou, ek bid, Vader, dat U in ons harte sal inkom.

235 Gee vir hierdie mense geloof, vanaand, om te glo. En skenk nou dat U vir my geloof sal gee, Here. Maar my geloof sonder hulle s'n sou niks help nie, ons moet saam geloof hê, want ons is 'n eenheid, ons is die Liggaam van die Here Jesus. En ons het onsself vergader in 'n klein gehuurde saaltjie vanaand soos hulle in vergange dae gedoen het, tweeduisend jaar gelede.

236 En nou, het ons gebid in hierdie bo-vertrek, vanaand, dat U hier sal inbeweeg en sal wys, vir hierdie mense, dat U steeds lewendig is. En, Vader, as U dit net sal doen, sal almal hierbinne gelukkig weggaan, hulle sal weggaan met geloof dat hulle siekte en hulle sondes vergewe sal wees, hulle sal moed hê. Hierdie. . . Baie van hierdie arm mense wat net skaars genoeg het om te eet, miskien, en party van hulle het—het min om van te lewe, ander miskien, Here, wat net dag na dag sukkel. En ons is almal arm, Here, en ons—ons probeer om—ons probeer om die Hemel ons Tuiste te maak.

237 Kom onder ons vanaand, Vader. Hierdie woorde wat ek gepreek het, hulle sal net vervaag as U nie kom en hulle bevestig nie. Skenk dit, Here. Ons sal U bedank. Ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

238 Nou, ek gaan julle vertel. . . Dis kwart voor tien. Sal julle my net 'n klein, kort gebedsrytjie gee, omtrent vyftien minute? Kom

ons . . . Sal julle dit doen? Goed. Nou, ek glo Billy het gesê hy het uitgegee, hoeveel? Omtrent vyftig gebedskaartjies? Goed.

239 Nou, die gebedskaartjies . . . Almal, wat 'n gebedskaartjie het, hou dit soos *hierdie*. Dis net 'n klein gebedskaartjie met 'n nommer daarop, dit het 'n nommer op 'n gebedskaartjie. En nou, wil ons graag sien . . . Kom ons kyk, waar sal ons begin? Kom ons begin by een, vanaand. Een, twee, drie, vier, vyf. Laat ons hulle sien opstaan. Een, twee, drie, vier, vyf. Gebedskaartjie nommer een, wie het nommer een, twee, drie, vier, vyf? Laat ons julle hand sien. Een, twee, drie. Laat ons nog een sien. Een, twee, drie, vier, vyf.

240 Is julle seker al die mense ken Engels? Almal ken Engels? Wie het gebedskaartjie nommer een? Steek jou hand op. Nommer een, nommer twee, twee. Hoe sou die Indiaan twee sê, as hy dit in sy eie taal sou sê? Goed. Julle het dit gehoor. Nommer twee, gebedskaartjie nommer twee? Nommer drie, wie het nommer drie? Die dame het nommer drie. Nommer vier, wie het nommer vier, gebedskaartjie? Die dame daar. Goed.

241 Sekerlik is daar een, twee, of drie hier iewers. Kyk, kyk almal na mekaar se kaartjies. Kyk oorkant . . . Almal, wat 'n kaartjie het, steek jou hand op. Almal, wat 'n gebedskaartjie het, steek jou hand op. Nou, kyk na mekaar se kaartjies. Kyk oorkant . . . Sien, miskien kan hulle nie hoor nie. Sien dit kan dalk 'n dowe wees, en—en ek gaan net reg by hulle verby. Julle sien? Hulle . . . Of miskien kan hulle nie loop nie, hulle is kreupel en kan nie loop nie. Een, twee. Wie het een of twee? Drie, die dame het dit. Vier, ons het dit. Goed. Vyf, ses, sewe, agt, nege, tien. Goed. Laat hulle opstaan en hiernatoe kom. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien, laat hulle net reg hier oorkant in die hoek in kom. Dis goed. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe.

242 Daar's nou drie kaartjies wat kort. Daar's drie van hulle wat nou kort. Julle sien, die rede waarom ek elkeen van hulle wil kry, want iemand skryf en sê my later, gesê: "Wel, niemand het vir my gesê nie. Ek was doof. Ek kon nie opstaan nie en niemand het vir my gesê nie." Sien? Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien.

243 Hier's nog een, hierdie kêrel hier. Nou, wat's sy nommer? Twee? Goed, een. Een, gebedskaartjie een? Ons het twee, drie. Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege. Ons kort een. Nommer een? Wel, as hulle uitgegaan het, miskien het hulle uitgegaan, en hulle sal weer inkom, net binne 'n oomblik. Goed. As hulle het, het hulle hulle plek in die ry.

244 Nou, onthou, elkeen wat 'n gebedskaartjie het, as ons nie vanaand daarby uitkom nie, gaan ons dit kry, en ons gaan vir almal bid wat na die diens toe kom en voor gebid wil word.

245 Nou, laat ons sien. Dis tien, nege. Laat ons tien sien, elf. Wie het gebedskaartjie elf? Nee? Twaalf? Goed, meneer. Dertien, veertien? Goed, dame, hier oorkant. Vyftien?

246 Nou, wanneer jy kom . . . Laat ek dit sê. Sien? Nou, wanneer jy kom en jy kry 'n kaartjie, hou dit. Sien? Moet dit nie verander, jy dit vir iemand anders gee nie; jy moet self hier wees om dit te kry. Neem jou kaartjie en hou dit. Sien? Julle sien, iemand anders kan daardie plek neem. Julle sien? As jy 'n kaartjie kry, hou dit. Ons weet nie waar ons . . . die Heilige Gees ons sal laat trek nie, en ons—ons wil jou daar hê op daardie tyd. So kom, kry jou kaartjie.

247 Kom ons begin reg daarmee. Ander kom in, en ons kort omtrent twee of drie, maar dit sal in die haak wees. Nou, ons wil hê julle moet—moet nou glo met julle hele hart.

248 Nou, ek wil julle aandag hier hê. Hoeveel in die gebou wat siek is, en nie 'n gebedskaartjie het en nie in die ry geroep sal word nie? Steek julle hande op. Laat ons sien. Almal? Wel, dis net omtrent reg rondom.

249 Nou, hier, nou terwyl hulle daardie gebedsry daarbo deur daardie kamer kry, wil ek vir julle iets vra. Luister nou, goed nou. Nou, alles wat ek gesê het, sal tevergeefs wees as hierdie nie so is nie. As . . . Enige man kan enigiets sê. Maar as God . . . As dit nie God se Woord is nie, moet dit nie in die eerste plek glo nie, maar as Dit God se Woord is, kyk dan na God om daardie belofte te hou, want God moet Sy belofte hou om God te kan wees. As ek eerlik gaan wees, moet ek my belofte hou. Sien? 'n Eerbare man—'n eerbare man hou altyd sy woord. Sien? Jy hou altyd jou woord.

250 Nou, elkeen van julle daarbuite, wat nie in hierdie gebedsry is nie, en nie daarin sal wees nie, sonder gebedskaartjies, kyk julle net hiernatoe. Laat ek vir julle sê wat julle doen.

251 Daar was 'n vroutjie, eenkeer, in die Bybel. Ek gaan vir julle 'n storietjie vertel. Sy het ook nie 'n gebedskaartjie gehad nie, maar sy het vir Jesus oor die see sien kom, en was daaronder, iemand het vir haar vertel Hy was daar. En sy het geglo as sy net Sy kleed kan aanraak, sal sy gesond gemaak word. Het julle al ooit die storie gehoor? Hoeveel het dit al ooit gehoor? Sekerlik.

252 Die vrou het aangeraak die . . . Sy het bloedvloeïng gehad. En nou, onthou, en ek was al in daardie land, die Palestynse klere hang los, dis 'n kleed, dit het 'n onderkleed daaronder, die stof van die bene af te hou.

253 Nou, as sy die soom van Sy kleed, fisies, aangeraak het, het Hy dit nie gevoel nie, julle weet wat ek bedoel, Hy het dit nie in Sy liggaam gevoel nie. Maar sy het by haarself gesê: "Ek glo Hy's 'n heilige Man, en as ek Hom net kan aanraak, sal ek gesond gemaak word." Is dit reg? En sy het bloedvloeïng gehad.

254 En sy het deur die skare gedruk, en sy het afgebuk, en sy het die soom aangeraak. Dit was *so* ver van Sy bene af, waar daardie kleed uitswaai. En sy het die soom van Sy kleed aangeraak, en opgestaan, en teruggegaan, en miskien in die gehoor gaan sit, en Jesus het gestop, Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?"

En weet julle wat het Petrus gesê? Petrus het Hom bestraf, gesê: "Here, waarom sou U so-iets sê?" Gesê: "Wel, almal raak aan U."

"Hallo, Rabbi, groot Profeet van God." "Jou bedrieër." Almal, sien, almal raak aan Hom.

Hy het gesê: "Almal raak aan U. Waarom sou U sê 'Wie het My aangeraak?'"

255 Hy het gesê: "Maar Ek het agtergekom dat Ek swak geword het. Deug," krag: "het van My uitgegaan, Ek het swak geword." Daardie een vroutjie het Hom aangeraak en Hom swak gemaak. En Hy het omgedraai, en Hy het oor die gehoor gekyk tot Hy haar gevind het, vir haar vertel wat haar probleem was, en gesê haar geloof het haar gesond gemaak. Is dit reg?

Nou, dit was Jesus Christus gister. Is dit reg? Wel, as Hy dieselfde is vandag, sal Hy nie dieselfde doen nie?

256 Nou, vir my predikerbroers, hulle sal dalk 'n Skrif daarvoor wil hê, ek gaan nou vir julle een gee. Die Bybel het gesê, in Hebreërs die 3de hoofstuk, dat Jesus Christus, net nou, vandag, 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede. Is dit reg, broers? Hoeveel weet dis die waarheid, die Bybel dit sê? Dat Hy is 'n Hoë. . . Wel, as Hy dan dieselfde Hoëpriester is, hoe sou Hy vandag optree? Dieselfde as wat Hy toe het. Maak dit Hom dieselfde gister, en tot in ewigheid?

257 Nou dan, as julle hiernatoe kom en my aanraak, ek's soos julle pappa, of julle broer, man, of wat ook al, dit sou glad nie help nie, ek's net 'n man, julle pastoor aanraak, dieselfde ding. Maar raak Hom aan en kyk hoe die Gees neerdaal. Sien? Amen. Daar's dit, julle sien. Dit maak Hom dieselfde gister, en tot in ewigheid. Dit sou nie ek wees nie, dit sou 'n gawe wees waardeur Hy werk.

258 Broer Wood, het jy daardie foto's saam met jou gebring of enigiets? Jy—jy het hulle? O, jy het hulle daarbo op die platvorm gehad? Het julle hulle vanaand gesien? Ons sal hulle môre-aand hê. Hoe sal julle daarvan hou om Sy foto te sien? Ons het dit net hier, broer. Hang nou, in Washington, DC, met kopiereg, die enigste bonatuurlike Wese wat ooit gefotografeer is, daardie selfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gevolg het, hier is Dit. En Dit sal dieselfde werk doen wat Dit gedoen het.

259 Jesus het gesê: "Ek kom van God af en het na God toe teruggegaan." Hy het gesterf, opgestaan, opgevaar in die Hemel.

En Paulus, op sy pad af na Damaskus, het 'n groot Vuurkolom hom verblind. Hy het gesê: "Here, Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek's Jesus." Is dit reg? Dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.

260 Nou, julle sonder 'n gebedskaartjie, kyk julle hiernatoe, en begin julle net bid. Julle begin bid, sê: "Here Jesus, ek glo U. En daardie ou mannetjie wat daarbo staan, op die platvorm, hy ken my nie."

261 Wel, daar's nie 'n persoon in hierdie gebou wat ek ken, behalwe Broer Wood nie, ek sien hom daaragter staan. Ek glo dis, paar broers daar, Broer Fred Sothmann van Kanada hier, ek ken hom. Maar niemand in hierdie nabyheid hier nie, daar. . . Hoeveel van julle daar is 'n vreemdeling vir my? Steek op julle hande. Almal wat vreemd is, en weet dat ek julle nie ken nie, steek julle hand op. Julle mense in die gebedsry, weet dat ek 'n vreemdeling vir julle is, steek julle hand op. Sien? Goed.

262 Nou, glo jy net en sê: "Here Jesus, deur geloof glo ek wat daardie broer gesê het is die Waarheid. Ek's siek, Here, laat my U aanraak." En sê dan. . . Tree dan volgens Hom op. Kyk hoe die Heilige Gees reguit hieronder deurbeweeg en dieselfde ding doen wat Hy gedoen het. As Dit nie so is nie, dan is ek 'n valse profeet. As Dit dit wel doen, glo julle Dit dan. Dis reg.

263 Nou, hierdie man hier, het jy vir die seun jou kaartjie daarbinne gegee? Ja, goed. Kan jy Engels praat? Ons is—is vreemdelinge vir mekaar. Ek glo hy's 'n Indiaanse broer. Is dit. . . Indiaans? Wel, hier is ons, twee vreemdelinge, twee mans, het nog nooit vantevore in die lewe ontmoet nie. Nou, hy staan hier, hy's net 'n man, ek staan hier as 'n man. Hy's hier vir een of ander rede wat ek nie ken nie. Ek het hom nog nooit gesien nie, en ek. . . wel, hierdie is ons eerste keer.

264 Maar nou, as Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, mag hy wees. . . en hierdie man mag hier wees vir, miskien is dit finansiële behoeftes, miskien is dit huislike probleme, iets verkeerd in sy huis. Dit mag wees dat hy siek is, of miskien staan hy hier vir iemand anders. Ek weet nie, ek het hom nog nooit gesien nie. Maar nou, as hy hier gestaan het, en ek het gesê: "Glorie aan God. Halleluja! God het my gestuur om vir die siekes te bid," hande op hom lê. Ek sou sê: "Jy siek, meneer?"

Hy sou sê: "Ja, ek's siek."

265 Ek lê hande op hom, sê: "Glorie aan God. Gaan, word gesond." Dit sou goed wees. Maar wat as die Heilige Gees hier afkom, en vir hom vertel wat hy was? Hy sal weet of dit die waarheid is of nie. En as Hy weet wat hy was, kan hy sekerlik glo wat hy gaan wees, as Hy vir hom kan vertel wat was. Is dit reg? Nou, hoeveel sal dit glo met julle hele hart? Sê: "Ek sal aanvaar." Nou, mag die Here God dit gee.

266 Ek wil net hê jy moet hiernatoe kyk, meneer, net om 'n oomblik met jou te praat, as 'n vreemdeling. En as daar enige manier is wat ek kan doen om jou te help, sou ek dit doen. Maar as die Here God my kan vertel, soos, waarvoor jy hier is, wat jy gedoen het, wat's in . . . jy moes gedoen het, of wat verkeerd is met jou, of iets, sou jy weet of dit die waarheid was of nie. En so, dan ons . . . Dit sou die gehoor laat glo. Sal jou laat glo, sal dit nie? Want jy weet ek sou hê . . . Ek kan dit nie self doen nie, want ek is net 'n man, soos jy is, dit sou een of ander bonatuurlike mag moes wees. En as dit 'n bonatuurlike mag is . . .

267 Nou, die Fariseërs van daardie dag het gesê dit—dit was Beëlsebub, die duiwel, kyk wat het met hulle gebeur. Hulle wat geglo het dit was Christus, het Christus se beloning ontvang.

268 Nou, ek sê julle nou, die man, wat hier staan, is beswaard. Dis reg. Hy staan hier omdat hy kwalik weet waarnatoe om te gaan, want dis iets vreemds, dis eerste keer in hierdie streek. Moenie bang wees nie, meneer, Dit sal jou nie seermaak nie, Dit is Christus. Laat ek vir jou wys Dit is. Sien? Jy's hier vir genesing, jy's swak, jy het 'n bietjie moeilikheid gehad, jy was in 'n operasiesaal. Jy het 'n operasie gehad, en dit was vir 'n maagswere in die maag, en jy het baie swak geword daarvan. En jy's hier vir . . . Is dit reg? Steek jou hand op. Dis alles verby, en jy gaan gesond word. God seën jou. Jou geloof maak jou gesond.

269 Glo jy? "Meneer, ons wil Jesus graag sien. Ons wil Jesus graag sien." Nou, sy Indiaanse vriende daarbuite het hom waarskynlik geken. As—as julle net kan glo. Goed.

270 Nou, hier is 'n vrou van die Anglo-Sakse. Nou, hier is 'n man en 'n vrou, ek veronderstel ons is vreemdelinge vir mekaar, ons het . . . eerste keer wat ons ontmoet het. Nou, ek ken nie die vrou nie, ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Sy's 'n vreemdeling. En nou, het ons waarskynlik . . . Sy's 'n bietjie ouer as ek, en ons is—ons is . . . is myle uitmekaar en jare uitmekaar gebore, en hierdie is die eerste keer wat ons ontmoet. Maar nou, as die Heilige Gees van God my sal laat weet waarvoor jy hier is, of iets omtrent jou, wat jy weet ek nie weet nie, dan, jou laat glo, sal dit nie? Goed. Glo jy net nou.

271 Die dame, ek sien haar by 'n tafel sit, nee, sy tree terug. Dis haar maag, sy het maagprobleme. Dis presies reg. Peptiese toestand, en dit veroorsaak brand, sure, ensovoorts. Het 'n senuweetoestand, laat jou swaarmoedig word, baie laat in die aand raak jy baie moeg en ontsteld. Dis reg. Glo jy God kan vir my sê wie jy is? Sal dit jou help? Juffrou Berling. En . . . Dis reg. Goed. Gaan, glo nou, daardie maagprobleem sal jou verlaat en jy sal gesond word.

272 Glo jy nou met jou hele hart? Goed . . . ? . . . Hê net geloof. Moenie twyfel nie. Goed. Nou, nou, dit maak my moe- . . .

Meneer, ons wil Jesus graag sien AFR62-0724
(Sir, We Would See Jesus)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Dinsdagaand, 24 Julie 1962, by die Legioen Ouditorium in Port Alberni, Brits-Colombië, Kanada, is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2022 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org